Die vleiroos

Opgedra aan Anna en Elsabe
En hulle liefde vir ons fynbos

Die vleiroos is op 9 Junie 1992 vir die eerste keer opgevoer in die Arena van die Nico Malan-teater, Kaapstad, aangebied deur P.D. Uys Produksies in samewerking met KRUIK. Die wêreldpremière is op Sondag 5 Julie 1992 by die Grahamstad-fees deur die Standard Bank Nasionale Kunstefeesl aangebied.

NEDDA BARNARD: Joey de Koker
LIZZIE SMITH: Theresa Cloete
FERDINAND BARNARD: Chris van Niekerk
SOFIE CLARENS: Lynne Maree

Regie: Pieter-Dirk Uys
Ontwerp: Nicholas de Klerk

Die drama speel in Suid-Afrika af, in die huis op Avonstrand waar die familie Barnard destyds hul jaarlikse vakansies deurgebring het.

Die tyd waarin die stuk afspeel, wissel tussen 1995 (’n jaar ná die aanvang van ’n demokratiese bestel in Suid-Afrika) en 1992 (’n jaar voor die demokrasie begin het). Avonstrand lê aan die suidkus van die Kaap. Die bergreeks raak-raak so aan die strandhuisies wat langs die rotskus met sy klein sandstrandjies vasklou. Die huis waarin Nedda en Lizzie woon kyk uit oor die see. Voor die huis tot onder aan die rotse is ongetemde fynbos. Die pad gaan bo verby, aan die voet van die berg. Bo in die berg woon die vleiroos. Sy het dieselfde uitsig.

Die karakters is:

FERDINAND BARNARD
NEDDA BARNARD, sy moeder
LIZZIE, haar voormalige bediende, nou vriendin
SOFIE CLARENS

Daar is sewe tonele.

Orothamnus zeyheri (die vleiroos)

Die vleiroos is die enigste spesie protea in die genus *Orothamnus Pappe*.

Dit is uiters seldsaam en verkeer in gevaar om uit te sterf, en daar bestaan slegs ’n paar plante op byna onbereikbare plekke hoog in die berge bo Hermanus en Bettysbaai, maar alle pogings om dit te kweek, het tot dusver misluk. Daar is egter hernieude hoop na geslaagde enting op die onderstam van *Leucospermum*.

Die plant groei in moerasagtige grond en bestaan uit een of meer lang, regop takke wat tot drie meter hoog kan wees. Die blomkoppies het ’n ongelooflike prag in hul vorm en voorkoms. Hoewel die granaatrooi skutblare aan hul buitekant haartjies het, is hulle terselfdertyd blink en glad en deurskynend, sodat hulle ’n delikate, wasagtige voorkoms het. Hulle is oormekaar gevou, met omgekrulde randjies in die vorm van ’n roos. Die vleiroos blom in die vroeë somer.

Die generiese naam ‘Orothamnus’, ’n Griekse woord wat ‘bergtak’ beteken, is in die middel van die vorige eeu deur Carl Pappe, as eerste Koloniale Botanis aan die Kaap, aan die spesie gegee. Hy het ook die spesifieke naam ‘zeyheri’ geskep na sy vriend en kollega Karl Zeyher.

TONEEL I

’n Donker kamer.

Kleurskyfies van Kaapse veldblomme, die een na die ander op die muur gewys.

Nedda se stem verduidelik elke skyfie.

Dit eindig met die vleiroos.

Skyfie een.

NEDDA (*stem*): *Disa uniflora*! Dis mos ons Kaapprovinsie se embleem, ook genoem The Pride of Table Mountain . . .

Skyfie twee.

Erica patersonia . . . kyk net, daai geel blommetjies lyk mos nes ’n mieliestronk.

Skyfie drie.

. . . My geliefde *Mimetes hirtus* . . . maak die herfs, winter en lente so ’n plesier . . . *Mimetes* . . .

Skyfie vier.

. . . ah . . . die Giant Protea. Reken, nè, op Tafelberg en hier is hulle so rond; in Knysna lank en nou. Wat is met Knysna verkeerd . . . (*Lag.*) Ons het mos drie grotes hier onder, ons Drie Konings van Avonstrand!

Skyfie vyf.

Orothamnus zeyheri . . . die vleiroos . . .

Ferdinand skakel die lig aan.

Nedda se stem verdwyn.

Dit reën buite.

Die skyfie verdwyn in die lig.

Daar is ’n projektor op die tafel.

Hy skakel dit af.

Hy tel ’n verkyker op en kyk by die venster uit.

FERDINAND: ‘Daar is net één realiteit, Ferdinand . . .’

Hy sit die verkyker neer en loop stadig rond en kyk na dinge in die kamer, die detail.

NEDDA (*stem*): Daar is mos net een werklikheid! So tussen die biljoen van ons, altyd net één realiteit. Joune. Of myne.

FERDINAND: Dis twee realiteite, Ma!

TONEEL II

Lizzie en Nedda kom in.

Die sonlig verwarm nou die kamer in die terugflits.

Hulle gaan na die venster.

Lizzie kyk uit met die verkyker wat sy dan met Nedda deel.

Hulle kyk uit na die see.

NEDDA: Dis ru-olie.

LIZZIE: Ja, sies.

NEDDA: Kyk net hoe wel en borrel dit uit op die golwe.

LIZZIE: Soos teer. Tjoklits. Pikswart taai toffie.

NEDDA: Dink net aan die arme visse . . . die babarobbe . . .

LIZZIE: Die dik tannies op die strand met teer tussen die tone . . . ou gansvoete . . . foeitoggie.

NEDDA: Seevoëls besmet met olie.

LIZZIE: Wit tannies op die strand met pikswart voete!

NEDDA: Maar waarop lê daardie groot ding tog so hulpeloos?

LIZZIE: Rotsbank onder die water.

NEDDA: Daar is g'n rotsbank nie.

LIZZIE: Dokter H het baie keer soentoe gewys en gesê: daai rotsrif gaan nog eendag 'n groot boot vang.

NEDDA: Onthou nie.

LIZZIE: Ek onthou.

NEDDA: Ék onthou nie. Dokter H was my man. Ék onthou nie.

LIZZIE: Hy was jou man, ja.

NEDDA: Ja.

LIZZIE: Dit onthou jy.

NEDDA: Ja. Dit onthou ek altyd.

Dit is asof Ferdinand in die agtergrond luister. Maar hy kyk nie na hulle nie.

Nedda kyk ongemaklik rond.

NEDDA: Lizzie.

LIZZIE: Wat is dit, Miss Nedda?

NEDDA: Niks.

LIZZIE: Sê my. Miskien is dit dié keer iemand wat ek ook ken.

NEDDA: Daar's niemand nie.

Ferdinand glimlag en gaan uit.

Lizzie en Nedda kyk weer uit.

Pouse.

LIZZIE: En daai skeepskaptein? As jy die nag so dronk is en jy verpletter jou skip op die rotsrif – wat nie daar is nie – wat word van sulke stupid mense?

NEDDA: Verkoop hulle storie aan die Sondagkoerante en word ryk.

LIZZIE: En kan bekostig om duur olierige robvel-handskoene vir die vroutjie te koop.

NEDDA: Hulle soort behoort gehang te word. Ek wens ek was Groot Baas, net vir 'n dag. Al daardie dronkbestuurders, onbeskofte winkelpoppies, arrogante klerke, vroueslaners . . .

LIZZIE: Almal ophang?

NEDDA: Eers in die knieë skiet, dan suur in die oë spuit.

LIZZIE: En daai kaptein?

NEDDA: Teelkliere afkap en dan hang.

LIZZIE: Watse kliere?

NEDDA: Knaters, Lizzie. Balle.

LIZZIE: O. Dis dan net olie, Miss Nedda.

NEDDA (*spottend*): 'Dis net die natuur.'

LIZZIE: Bietjie radikaal.

NEDDA: Natuurmishandeling is krimineel.

LIZZIE: Dinge kom altyd reg in die natuur, het Dokter mos gesê . . .

NEDDA: Tot daardie laaste leë Coke-blikkie wat die kameel se moeë ou rug gaan breek. Dink jy sy rug is al gebreek?

Hulle kyk weer na buite.

LIZZIE: Haar rug. Mans noem skepe mos altyd agter vrouens.

NEDDA: O ja?

LIZZIE: Ja, dan voel hulle nie sleg as die arme goed op die rotse beland nie.

NEDDA: As daardie olie brand, kan die vonke hier tot in die fynbos waai . . .

LIZZIE: Is daar vonke in die see?

NEDDA: Olie maak vlamme op die branders.

LIZZIE: My pa het mos 'n visserskippie gehad met die naam van Tess.

NEDDA: Was Tess jou ma?

LIZZIE: My ma was Gertruida.

NEDDA: Mý ma was Gertruida!

LIZZIE: Jou ma was Mary.

NEDDA: Wie se ma was my ma?

LIZZIE: Jou ma was Mary.

NEDDA: Haar suster was Gertruida.

LIZZIE: Ja.

NEDDA: Sien. Ek onthou.

Sy sien die projektor op die tafel.

Hoekom staan die ding hier?

LIZZIE: Om Miss Nedda te laat onthou.

NEDDA: Wat moet ek hieroor onthou?

LIZZIE: Dink net hoe lekker dit sou wees om van Dokter se skyfies teen daardie muur te wys, liewers as om in die bosse rond te val op soek na gevrekte varings.

NEDDA: Die ding wil dan nie werk nie.

LIZZIE: Die ding het ’n plug nodig.

NEDDA: Die man by die winkel het belowe dié apparaat werk ook met batterye . . .

LIZZIE: Dit was altyd ’n elektriese apparaat.

NEDDA: Dan is dit ’n totale belaglikheid in dié huis.

LIZZIE: Een van baie.

NEDDA: Ek’t hom gesê ons het nie elektrisiteit op Avonstrand nie.

LIZZIE: Daar’s mense met generators . . .

NEDDA: Lugbesmetting. Klankbesoedeling.

LIZZIE: Met elektrisiteit sou ons mooi skyfies kon wys.

NEDDA: Vir wat? Ek gaan soek liewers die oorspronklike daar buite.

LIZZIE: Die nuwe teerpad het al die blommies op hol gejaag tot bo in die berg.

NEDDA: Daar’s nog pragstukke onder in ons veld.

LIZZIE: Net so mooi op skyfies, en meer gemaklik as om in die bosse rond te kruip op soek na . . .

NEDDA: Ja, maar helaas, ons het geen elektrisiteit nie!

LIZZIE: Dink net, ek kon dan lekker my soaps op teevee sien.

NEDDA: Jy’t jou radio gebreek, nie ek nie.

LIZZIE: Ek wil prentjies kyk!

NEDDA: Jy’t geld. Gaan koop wat jy wil.

LIZZIE: ’n Teevee?

NEDDA: Jammer, g’n elektrisiteit.

LIZZIE: Daar's dié met batterye.

NEDDA: G'n TV!

LIZZIE: En dis 'n demokratiese huishouding?

NEDDA: Natuurlik.

LIZZIE: Ek stem vir 'n teevee.

NEDDA: En ek stem daarteen. My meerderheid wen.

Sy kyk opnuut uit.

NEDDA: Wat gaan daar aan?

LIZZIE: Daar's mooi natuurprogramme op die teevee . . .

NEDDA: Is dit tog nie 'n tanker op die rotsrif nie?

LIZZIE: Visse en goggas en grillerige goed met Latynse name, wat babas het onder water, en dit alles op die teevee!

NEDDA: Hoe verskriklik. Ons moet iemand hieroor bel . . .

LIZZIE: Ons het ook nie 'n phone nie.

NEDDA: Hoekom het jy my nie gesê nie!

LIZZIE: Ons het nog nooit 'n phone hier gehad nie. Dokter H wou dit mos nie toelaat nie. G'n phone, g'n normale vrieskas, g'n mixer en blender, g'n teevee . . .

NEDDA: Nou is ek lus vir daardie lekkers.

LIZZIE: . . . g'n lekkers . . .

NEDDA: O ja, daar is. Waar het jy hulle weggesteek?

Nedda gaan af.

LIZZIE: Toe ons in die stad was met Dokter se siekte, het ek my eie teevee gehad. Nou hier in die natuur se smile, sit ek met niks.

NEDDA (*af*): Is ek warm?

LIZZIE: Jy's koud . . . baie koud. Die EVKOM-kabels is al onder die grond gelê .

NEDDA (*af*): En nou?

LIZZIE: Koud . . . al wat ons moet sê is ja, dankie.

NEDDA (*af*): Hoeveel kouer . . .

LIZZIE: Ysig in die winter sonder heaters . . .

Nedda kom soek in die kamer.

NEDDA: En nou?

LIZZIE: Ysiger. Sê ja en dan bring hulle net 'n draad na die huis en ons kan heerlik dinge aanslaan en afslaan.

NEDDA: Nou?

LIZZIE: Plein yster. Ja, dan kan ons ook ’n behoorlike strykyster koop!

NEDDA: Waar het ek hulle weggesteek?

Dit lyk of sy paniekbevange wil raak.

Lizzie gaan na haar en kalmeer haar.

LIZZIE: Dink nou mooi, Miss Nedda . . .

NEDDA: ‘Dink’? Jy sê vir my om te dink? Ek het ’n briljante brein. Ek het ook boeke oor ons veld en flora geskryf. En jy? Jy kan nie eers ’n Kerskaartjie adresseer sonder dat jou tong half besimpeld uit jou mond hang van pure sukkel nie. En jy vra my om ‘mooi te dink’?

LIZZIE: Waarom het jy die tjoklits weggesteek?

NEDDA: Ek moet. Jy steel al my goed.

LIZZIE: Vir wat sal ek steel? Jy gee my dan alles wat ek wil hê. Behalwe ’n plug in my kamer.

NEDDA: Jy weet ek is nie gesond nie, daarom speel jy op my onsekerhede.

LIZZIE: Ja toemaar, ek het ook na die tjoklits gesoek. Heelnag.

NEDDA: Sien! En jy kon hulle nie kry nie?

LIZZIE: Nee. Iemand het die goed te slim weggesteek.

NEDDA: Natuurlik. In die slaapkamer . . .

Sy onthou.

My slaapkamer!

Nedda gaan na die slaapkamer.

(*Af:*) Hoe naby is ek nou? Warm of koud?

LIZZIE: Warmder, Miss Nedda. En wanneer gaan ons stad toe om die nuwe magazines te koop?

NEDDA (*af*): Ek maak nou die klerekas oop!

LIZZIE: Warmder . . . ek sit al weke sonder my magazines.

NEDDA (*af*): Die laai . . .

LIZZIE: Watse laai?

NEDDA (*af*): Onderklerelaai.

LIZZIE: Koel.

NEDDA (*af*): Die serplaai?

LIZZIE: Dit bibber! Hoe gaan ek weet wat in die wêreld aangaan, sonder my magazines en teevee.

Nedda kyk om die draai.

NEDDA: Ons kry elke oggend die koerant afgelewer. Ons weet presies wat in die wêreld aangaan.

LIZZIE: Ook maar net wat ek vir Miss Nedda voorlees.

NEDDA: Wat?

LIZZIE: Probeer die sokkielaai.

NEDDA: Die sokkielaai?

Sy gaan terug.

Die sokkielaai! Warm of koud?

LIZZIE: Die helsvure.

NEDDA (*af*): Ek het dit!

Kom in met handvol sjokolade.

LIZZIE: Nie te veel eet voor lunch nie.

NEDDA: Maar dis dan die wit chocolate!

LIZZIE: Tjoklits is tjoklits . . .

NEDDA: Ek was op soek na die bitter chocolate.

LIZZIE: Die bitter is op.

NEDDA: Op? Maar ons het dit dan vanoggend eers gaan koop.

LIZZIE: Vanoggend drie weke laas.

NEDDA: Die bitter chocolate?

LIZZIE: En dit laas week opgeëet.

NEDDA: Jy?

LIZZIE: U.

NEDDA: Ek wil nie die wit chocolate eet nie. Dit lyk oud.

LIZZIE: Ook drie weke laas magazines vir my gekoop.

NEDDA: Bleek ou wit blokkies. Dè. Jy kan dit kry.

LIZZIE: Ek mag mos nie.

NEDDA: Ek weet. Maar ek sê nou jy kan.

Sy stoot hulle na Lizzie.

LIZZIE: Ek mag nie tjoklits eet nie.

NEDDA: Hoekom nie?

LIZZIE: Suiker in my bloed. Een blokkie tjoklit, en my hart gaan staan.

NEDDA: Ag nonsense. Hou op so hunker na blankemiddelklas-kwale.

LIZZIE: Dis in my familie. Glad te soet vir julle wêreld.

NEDDA: Wel, gee die sjokolade vir die winkel terug. Sê dis oud. Vol wurms.

LIZZIE: Dis nie oud nie.

NEDDA: Dit was eens op ’n tyd lekker bitter en swart. Nou’s dit naar, wit en oud.

LIZZIE: Party van ons is, ja. Okay. Sit dit daar by die ander.

Nedda kry die bitter blok.

NEDDA: Hier is die bitter!

LIZZIE: Gee dit. Jy’t dan gesê dis oud.

NEDDA: Wanneer?

LIZZIE: Paar minute gelede.

NEDDA: Nooit. Ek was juis op soek daarna.

LIZZIE: En my magazines?

NEDDA: Ek belowe.

LIZZIE: En ’n teevee?

NEDDA: Natuurlik.

LIZZIE: Jy’t belowe.

NEDDA: Op my woord. Môre. Magazines en TV.

Sy kry die sjokolade.

LIZZIE: Nou ja, onthou net dis amper lunchtyd.

NEDDA (*terg*): Wil jy ’n blokkie hê? Dis so heerlik . . . mmmmm . . .

LIZZIE: Nee dankie.

NEDDA: Hoekom nie? Mag jy nie? Mmm, Lizzie? Kyk hoe gaan dit in my mond in. Mmmm. Is jy bang jy word vetter? Word maar vet; hier’s niemand wat kyk nie. En as die seisoen weer begin, en elke stowwerige strandhuis wemel en krioel van ryk, vervelende Transvalers, rooigebrand en babalaas, kan jy maar net een van jou pienk aia-overalls uit die goeie ou dae aantrek, en rustig ronddwaal soos ’n ou meid. Niemand sal sê: daar gaan Miss Lizzie, Miss Nedda se vriendin, hoe vet is sy nou, met diabetes en al.

Lizzie kyk ongeërg uit na buite.

Hulle sal fluister: dis die ou kleurlingmeid wat arme Nedda Barnard se sjokolade so steel!

LIZZIE: Wat gaan daar buite aan?

NEDDA: Is jy nou kwaad? Lizzie?

LIZZIE: Lyk soos ’n groot Taiwanese tenker.

NEDDA: Word kwaad!

LIZZIE: Uit ’n ander wêreld.

NEDDA: Ek weet jy’s seer onder al daardie domheid!

LIZZIE: My hart breek soos ingevoerde glas. Miss Nedda mis al die sports. Kom kyk.

Nedda kyk uit.

NEDDA: Hoe lyk dit my daardie skip het die rotsrif getref!

LIZZIE: Onmoontlik. Miss Nedda se verbeelding.

NEDDA: Kyk!

Hulle kyk.

LIZZIE: Maar daar's mos g'n rotsrif nie.

NEDDA: Wat weet jy! My man het altyd gesê: dáár gaan 'n groot skip hom eendag lelik vasloop.

Lizzie kyk spottend boontoe.

LIZZIE (*sug*): Waar is jy nou, Dokter H?

NEDDA: My man?

LIZZIE: 'Sorg mooi vir die miesies, Lizzie?'

NEDDA: My man is dood.

LIZZIE: 'Ja, Dokter.'

NEDDA: Ek weet hy's dood!

Sy huil.

LIZZIE: Ek mis hom ook.

Pouse.

NEDDA: Wel, jy's nie hier onder kontrak nie. Jy kan altyd teruggaan na jou kinders, nie meer wonend in die krotte van gister se politiek nie.

LIZZIE: My middelklasfamilie wat mos sê dié Avonstrand en sy kraglose krotte is net 'n mors van tyd.

NEDDA: Daar by hulle het jy mos jou eie kamertjie agter die nuwe dubbelgarage.

LIZZIE: Met elektrisiteit, ja.

NEDDA: Ek adverteer maklik vir 'n nuwe een.

LIZZIE: 'n Nuwe wat!

Nedda kyk uit.

NEDDA: Dit bloei! Daardie monster kots sy swart gal uit.

LIZZIE: My kinders se huise is vol met hulle kinders.

NEDDA: Gal soos toffie . . .

LIZZIE: Dokter het my toe uiteindelik 'n pensioen belowe, toe ek terugkom om hom te versorg.

NEDDA: Dink net aan die visse en die seevoëls . . .

LIZZIE: Is dit my beloning, of sy idee van 'n grap?

NEDDA: Die robbe se gesiggies met groot oë sal die land maklik laat huil, en gou laat vergeet van die trotse eikebome wat so aan siektes vrek . . .

LIZZIE: Hy't nooit van my gehou nie, tot die einde, toe hy liewers dat ek na hom kyk as sy eie familie.

NEDDA: Die arme natuur.

LIZZIE: Dit sou help met 'n teevee en magazines.

NEDDA: Die fynbos en blomme . . .

LIZZIE: En minder blomme.

NEDDA: Waaroor kerm jy nou, Lizzie?

LIZZIE: Alles sal regkom, Miss Nedda.

NEDDA: Wie't dit altyd gesê?

LIZZIE: 'Moenie panic nie; alles sal regkom?'

NEDDA: Ja, dis so bekend.

LIZZIE: Elke politikus?

NEDDA: My seun Ferdinand?

LIZZIE: Dokter H.

NEDDA: My man?

LIZZIE: 'Moenie panic nie, ou Lizzie, alles sal regkom.' En toe's hy dood.

NEDDA: Hy't uit liefde vir ons gelieg.

Sy is ontsteld.

Lizzie tel die haarborsel op en borsel Nedda se hare.

Hoe kan alles regkom? Daar was die veldbrand en nou die aaklige groot pad; die plakkers op die strand. Die missiele word stil-stil daar bo getoets, en nou lê daardie bloeiende gifpaleis op die rotse. Hoe kan dit ooit regkom?

Sy streel aan haar hare.

Hoe oud is ek?

LIZZIE: Hoe oud voel jy?

NEDDA: Vyftig.

Lizzie grom.

Nee?

LIZZIE: Mmmmm.

NEDDA: Warm?

LIZZIE: Koud.

NEDDA: Sestig? Vyf-en-sestig?

LIZZIE: Effens warmder.

NEDDA: Alles sal regkom.

Dan kortaf:

Los. My goggas daar buite hou van my soos ek is.

Nedda gaan buitetoe.

Waterbokkie? Kom gesels met my . . .

LIZZIE: Hier's jou pille . . . Miss Nedda?

Sy tel die pille uit en sit hulle op die tafel.

Tel 'n brief op.

O Dokter, wat doen ek hieroor? Hè? Luister jy af, daar bo op jou ozonedun wolk? As julle botanismense so goed was in julle job as botanismense, hoekom val die natuur se broek so knaend af ná elke stampie in die straat?

Roep.

Miss Nedda? Los die goggas!

Praat verder met Dokter.

Ek kon al lankal stad toe gegaan het; by my kinders woon; teevee daar kyk. Magazines daar lees. Ons het die mooiste plastic blomme in onse huis.

Nedda kom vinnig binne.

NEDDA: Hulle's weer hier.

LIZZIE: Wie's dit nou dié keer, Miss Nedda? Iemand wat ek ook ken?

NEDDA: Sê vir hulle ek's nie hier nie.

LIZZIE: Ek het mos daai EVKOM-mense verlede week weggejaag . . .

Daar is 'n klop aan die deur.

NEDDA: Onthou net, ek is nie hier nie.

LIZZIE: En ek?

NEDDA: Sê jy's die . . . wat is jy?

LIZZIE: Ek woon hier.

NEDDA: Nee, man, jy moet iets wees.

LIZZIE: Huishoudster?

Nedda wys sarkasties in die kamer rond.

NEDDA: Wil jy jouself so openlik skuldig maak?

LIZZIE: Nurse?

NEDDA: Wie's siek?

LIZZIE: Secretary?

NEDDA: Ja, ek hou daarvan. Ek sal afluister.

Sien die sjokolade asof vir die eerste keer.

En waar kom dit vandaan?

LIZZIE: Gekoop.

NEDDA: Bitter chocolate? Ek haat dit! Maar dis ook al wat vir my oorbly. Jy steel mos my geliefkoosde wit blokkies vir jouself.

Weer 'n klop.

Sy roep hard.

Ja, man, sy kom!

Nedda gaan uit.

Lizzie maak oop.

Sofie kom in.

SOFIE: Môre.

LIZZIE: Ja?

SOFIE: È . . . Lizzie?

LIZZIE: Ja?

SOFIE: Dokter Barnard?

LIZZIE: Nee, Lizzie Smith, die secretary.

SOFIE: Nee, ons soek dokter Nedda Barnard.

LIZZIE: Ja, sy's nie hier nie.

SOFIE: Ek is Sofie Clarens.

Lizzie praat ekstra hard sodat Nedda kan hoor.

LIZZIE: Nee, ons wil julle elektrisiteit nie hê nie. Regtig.

SOFIE: Wel, dis seker romanties so in die kerslig.

LIZZIE: Nee, ons gebruik net kerse as ons moet. Ons het olielampe. Ek kan in die nag my magazines lees sonder my bifocals, so helder is die lig. Helderder as julle elektrisiteit.

SOFIE: Klink baie romanties. Wat gaan daar buite aan?

LIZZIE: Maar net 'n olieskip op die rotse.

SOFIE: Ferdie, kyk, dit lyk beter van hier.

Ferdinand kom binne.

FERDINAND: Waar is my videokamera nou! Môre, Lizzie?

LIZZIE: Hello, Master Ferdie.

SOFIE: Videokamera? Gebruik net jou oë, Ferdie, en dan sal jy onthou wat jy sien.

FERDINAND: My pa het altyd gesê dit gaan eendag gebeur.

SOFIE: Ek is bly hy's nie hier om dit te sien nie.

FERDINAND: Wonder hoeveel miljoene rand se ru-olie is daarmee heen. Koppe sal rol.

LIZZIE: Jou ma dink julle's van die dorpsraad.

FERDINAND (*sug*): Ek het nie vandag die energie vir Ma se speletjies nie.

SOFIE: Sy verwag ons.

FERDINAND: Ek het geskryf!

LIZZIE: Ja, daar's die brief.

SOFIE: Kan sy dan niks onthou nie? Wat is die fout? Alzheimer's?

LIZZIE (*hard*): Dokter Nedda Barnard is nie hier nie.

FERDINAND (*roep*): Ons het goeie nuus vir jou, Ma!

LIZZIE: Vertel maar liewers eers vir my.

SOFIE: Dis meer as net nuus. Dis besigheid.

Roep.

Tannie Nedda?

LIZZIE: Nee, dis nie Alzheimer's nie. Alzheimer's is ongeneesbaar.

SOFIE: Is dit wat die dokter sê?

LIZZIE: Ek het dit in die magazines gelees, met foto's.

FERDINAND: Lizzie woon mos nou ook hier.

LIZZIE: By haar as huismaat, jy weet, companion?

SOFIE: Huismaat . . . ek sien.

FERDINAND (*roep*): Ma, dis vandag. Ek is hier.

LIZZIE: Ek het vir Dokter belowe voor hy weg is . . .

SOFIE: Maar as sy niks onthou nie . . .

LIZZIE: Toemaar, as sy vergeet, dan is ek hier om vir haar te onthou. Dis net as sy panic dat dinge erger word. En jy weet, Master Ferdie, somtyds onthou sy alles verkeerdom, maar dis baie keer meer entertaining as die waarheid.

FERDINAND: Jy't my belowe. As dit te erg word, sal jy my laat weet, en dan moet sy behoorlik versorg word.

LIZZIE: Ek is mos hier, Master. Ek kyk nou na jou ma.

FERDINAND: In die land van eenoog, is wit kierie president.

SOFIE: Hoe gaan dit nou met jou gesondheid, Lizzie?

LIZZIE: Jou ma is nie erger nie, Master Ferdie. Ek onthou altyd alles wat sy probeer vergeet.

SOFIE: Maar nie vir my nie?

LIZZIE: Ja, Miss Sofie. Jy was mos altyd in al die ou magazines. Hulle't gese jy's van overseas, maar ek weet jy's net een van ons.

SOFIE: Nie sleg vir 'n skeeloog-saartjie van die dorp nie.

LIZZIE: Skeel? Nooit. Net so 'n bietjie windskeef in die een oog.

Hulle lag.

FERDINAND (*roep*): Ma!

LIZZIE: Sy's nie hier nie.

Nedda kom in.

FERDINAND: Ja, ek sien.

SOFIE: Môre, Tannie.

NEDDA: Tannie?

FERDINAND: Werk die kamera nog, Ma? Ons behoort foto's te neem van die tanker . . .

LIZZIE: Ek kan jou pa se ou kamera gaan haal . . .

Sy gaan uit.

SOFIE: Tannie onthou my mos?

NEDDA: Natuurlik.

Sy onthou haar nie.

SOFIE: Papa en Mama stuur liefde.

NEDDA: Ja?

FERDINAND: Ons is 'n bietjie laat. Jammer.

NEDDA: Is julle?

FERDINAND: Die seuns wou nie hulle rugby los en saam met my afvlieg nie, al het ek spesiaal 'n 4x4 vir hulle gehuur, maar jy's seker bly . . .

NEDDA: Nee . . .

FERDINAND: Sofie is hier met vakansie uit Amerika.

SOFIE: Ek het nog planne om 'n bietjie in die land te reis en ons ou wêreld te sien voordat . . .

NEDDA: Voordat dit iets van die verlede is.

SOFIE: . . . voordat ek teruggaan na die States.

NEDDA: Jou pappa en mamma?

SOFIE: Gesond.

NEDDA: Ek is bly.

SOFIE: Hoe gaan dit nou met Tannie, ná Dokter se dood en alles?

NEDDA: Ek dink sy's ook gesond.

FERDINAND: Sy meen met jou, Ma.

NEDDA: Ek?

SOFIE: Tannie Nedda.

NEDDA: Ek is tannie Nedda?

FERDINAND: Ja.

NEDDA: Nee.

Lizzie kom in met die kamera.

LIZZIE: Kom, Miss Nedda, tyd vir die pille!

NEDDA: Ek is nie 'tannie Nedda' nie, of 'Miss Nedda' . . .

LIZZIE: Hier's die ding: hy's gelaai.

NEDDA: Wie is julle? Familie van my?

SOFIE: Sofie Clarens.

NEDDA: Ek is nie familie van enige Clarens nie. Dus is ek nie Tannie nie. Ek is Nedda Barnard. Noem my dit, of Nedda, of Dokter. Maar spaar my die 'Tannie'. En jy met jou 'Ma'? Ek is nie jou ma nie.

LIZZIE: Miss Nedda?

NEDDA: En, Lizzie, ek is nie jou Miss nie . . .

NEDDA/LIZZIE: . . . ek is jou Madam!

Dit is 'n ou grap tussen hulle.

Ferdinand en Sofie glimlag beleefd.

NEDDA: Gaan maak tee vir die kinders.

Lizzie sug en sit die pille terug.

FERDINAND: Ons kan na die hotel ry vir 'n vinnige middagete.

NEDDA: Ek wil eers hoor hoe dit met haar pappa en mamma gaan.

LIZZIE: Wil jy enige clues hê?

NEDDA: Wag eers . . .

Sy dink versigtig.

Clarens, boere?

LIZZIE: Koud.

SOFIE: Nee . . . hoe nou?

NEDDA: Clarens . . . veld?

LIZZIE: Warm.

SOFIE: Is dit 'n speletjie?

NEDDA: Blomme?

LIZZIE: Vuurwarm!

NEDDA: Vleiroos!

LIZZIE: Glory be!

NEDDA (*onthou*): Ben en Sally! Waar is hulle! Ben se dogter. Sofie Clarens! Natuurlik. Wie's dit?

FERDINAND: Ferdinand . . .

NEDDA (*terg*): Ken ek jou?

SOFIE (*geskok*): Jou seun . . .

LIZZIE: Hou op terg, Miss Nedda . . .

NEDDA (*lag*): Julle twee moes destyds getrou het, weet jy, Ferdie? Sofietjie? Jy was dan gister só hoog, skeeloog met vlegsels. Ben en Sally se kind.

'n Skielike besef.

O Here, is dit slegte nuus?

SOFIE: Nee. Nie juis slegte nuus nie.

NEDDA: Niemand dood nie?

SOFIE: Nee, Mama en Papa stuur liefde.

LIZZIE: Moenie panic nie . . .

NEDDA: Sofie, daardie stuk veld van julle is nog steeds die wonderlikste erfenis; die vleiroos se dubbelbed, het Ben dit altyd genoem.

FERDINAND: Ma, dis nou juis die probleem. Daardie stukkie veld . . .

Lizzie val hom aspres in die rede.

LIZZIE: Ja, ek onthou toe ek destyds hier begin werk het vir Miss Nedda en die dokter. O ja, Miss Sofie, hoe jy en Master Ferdie en Miss Blanche ook somtyds hier kom kuier het uit die koshuis, maar ek moes julle op die strand versorg. Julle lui goed wou nie saam met die grootmense gaan bergklim nie.

FERDINAND: As ek by my venster uitgekyk het, het die berg soos 'n muur onder my voete na bo gestrek.

SOFIE: En ek wou net mooi blomme pluk en in my hare draai, maar blompluk was altyd die grootste sonde!

NEDDA: Ons het elke keer in die herfs en lentemaande hier agter opgeklouter op soek na die vleiroos, *Orothamnus zeyheri*. Daar was toe net 'n gruispad, heel skaflik, niks onnodig en aaklig geteer soos vandag nie. Bo in die Hektormanskloof . . .

SOFIE: By die spruit met sy gemmerbierbruin water?

LIZZIE: Dis nou 'n populêre kampeerplek vir kerkgroepe.

SOFIE: Ag nee!

NEDDA: O ja! Dan agter die Leeuoor en die ou Renosterkop-rotse, en dan uiteindelik by die stukkie vlei bo op, tussen daardie plat gebleikte klippe . . .

FERDINAND: Soms so koud dit was amper vries-ys . . .

NEDDA: Ons moes baie versigtig soek. Sy is nie gasvry met haar terrein nie. Sy was nooit op dieselfde plek, jaarin en jaaruit nie. Jou pappa het haar altyd eerste gesien . . .

LIZZIE: Hy was so ’n expert, daardie baas Ben Clarens, ek onthou, ja . . .

FERDINAND: Hulle kon haar wraggies na Pa vernoem het . . .

LIZZIE O nee wag, *Orothamnus barnard*?

NEDDA: Nee, nee, hy’t dit nie ontdek nie. Sy het ons uitgesoek. Die vleiroos het uiteindelik hier by ons ’n tuiste gevind, veilig en geliefd. En toe, soos in alle perfekte feëverhale, wie sou aankom met die subtiliteit van ’n seer maag? Die Heks van Voortuitgang, Ferdinand se geliefde moderne wêreld met sy groot paaie en gelekte olie. Haardroërs. Dank Vader, Ben Clarens is deur die natuur gestuur om die laaste blomplek van die *Orothamnus zeyheri* te beskerm. Jou pappa is die rottweiler by die hek. En hier is jy. Heerlik. Hoekom?

FERDINAND: Damn it, ons sal van voor af moet begin. Sofie, nou moet ek die hele ding vertel. Ma, ons het . . .

Hy sukkel.

SOFIE: Nee, dis eintlik my probleem. Tannie . . . ek het . . .

Sy kan nie verder nie.

Pouse.

NEDDA: Snaaks, julle kleingoed was altyd so lief vir die veld. Nie Ferdinand se kinders nie. Sy trop kan hier nie asemhaal sonder hul komputers en TV’s en ‘hairdryers’ en muurproppe om elke draai nie. O liewe smart, huil as hulle hiernatoe kom, bang vir spinnekoppe en goggas en vars lug en sterre. Julle stadskabouters.

SOFIE: Prinses *Zeyheri*. Hoe kan ek haar vergeet? Woon sy nog ook daar bo in die vlei, Tannie?

Nedda lyk verbaas.

NEDDA: Lizzie!

LIZZIE: Wat’s verkeerd!

NEDDA: Ek het onthou . . .

SOFIE: ‘Vleiroos se ou lelike sussie’, het Papa my genoem.

NEDDA: . . . ek het sonder die pille onthou.

LIZZIE: Sien, dis nie alles vergeet nie.

NEDDA: Maar ek kan ook onthou dat ek onthou!

SOFIE: Papa het altyd gesê, naas sy stukkie paradys was dit sy groot liefde, julle berg. Julle vleiroos se tuislandjie.

FERDINAND: Oom Ben was mos siek, Ma.

NEDDA: Ek het nie geweet nie. Of het ek geweet . . ?

FERDINAND: Ja, Ma, ons was dan daar! In die hospitaal.

LIZZIE: Moenie panic nie . . .

NEDDA: Wanneer?

SOFIE: Ná Papa se beroerte . . .

NEDDA: Onlangs?

SOFIE: Nee . . .

FERDINAND: Verlede jaar . . .

NEDDA: Ek het nie geweet nie.

LIZZIE: Miss Nedda het albei jou ouers in die hospitaal gesien, Miss Sofie.

NEDDA: Ek was nie daar nie. Ek sweer ek sou kon onthou!

LIZZIE: Ja toemaar, ek onthou.

NEDDA: Moenie na haar luister nie! Lizzie verdraai alles. Ons was glad nie in ’n hospitaal nie. Sedert my man daar moes lê het ek gesweer nooit weer nie. Ek sal hier bly en hier verdwyn, soos mis in die môre. Soos water in die grond.

FERDINAND: Ons wou al verlede week gekom het, om hier te wees op Ma se verjaarsdag . . .

NEDDA: My verjaarsdag?

FERDINAND: . . . maar Sofie moes een of ander werk in Los Angeles klaarmaak.

SOFIE: New York . . .

NEDDA: Wat is jou werk, of behoort ek te weet?

SOFIE: Ek het ’n model agency.

NEDDA: O.

LIZZIE: Ek sien jou soms nog in my magazines.

SOFIE: Ou foto’s.

LIZZIE: Ja, ek wou mos sê.

NEDDA: Ek lees nie magazines nie.

LIZZIE: Dis waar.

FERDINAND: Ons het eers langs die pad gestop en ’n entjie teen die berg op geloop.

SOFIE: Heerlike uitsig. So onbederf.

NEDDA: Te veel strandhuise.

FERDINAND: Ek het nie besef die veldbrand het alles so deeglik verskroei nie.

LIZZIE: Toemaar, Mastertjie, ons nuwe fynbos kom weer aan.

SOFIE: Die hele berg is uitgebrand?

NEDDA: Danksy die vuur groei daar nuwe plante in die mees onverwagte plekke!

SOFIE: Was dit ’n goeie ding?

LIZZIE: Die beste besem in die natuur is ’n goeie brand.

NEDDA: Hier eis ’n nuwe lewe die warm as van die oue.

SOFIE: Soos New York, waar lewe op dood teer.

NEDDA: Ons was so uitgedroog ná die somer.

LIZZIE: Die blits het bo in die berg geslaan.

NEDDA: Ons het gedink dié keer is die huis weg.

LIZZIE: Ons het so hard geswoeg om die vlamme weg te hou.

NEDDA: Lizzie was pikswart van die rook, en ek ook. Susters! Toe was daar nie meer water nie!

LIZZIE: Die pype het gesmelt.

NEDDA: Ons moes ons toe daar onder in die see gaan afwas.

LIZZIE: Palmolive in die soutwater.

NEDDA: Lux in die sand.

LIZZIE: Ons het so gelag.

NEDDA: So gestink van die rook.

LIZZIE: Danksy die aaklige nuwe pad, kon die vlamme nie tussen die huise inseil nie.

NEDDA: Daardie verdomde nuwe pad. Dis soos ’n wond oor die gesig van die veld. En vir wat?

SOFIE: Ry so lekker.

FERDINAND: Ma, dis nou ’n tienminute-rit, waar dit met die ou pad ’n uur se gesukkel was.

NEDDA: ’n Vierbaan-teerpad, hier in die middel van niks en nêrens? Hoekom?

FERDINAND: Vooruitgang?

NEDDA: Militêr. Alles militêr.

FERDINAND: Nee, Ma. Ontwikkeling.

NEDDA: Want hulle toets mensvretende missiele bo in ons berg.

FERDINAND: Nee, Ma!

NEDDA: Ja, Ma!

SOFIE: Ag nee, wat sê Tannie nou?

NEDDA: Wapens teen wie? Teen my? Teen die baba-waterbokkies? Daar is die teiken! Hulle behoort daardie verdomde goed op te blaas.

Sy wys na die tenkskip.

LIZZIE: Lyk my hulle doen dit al klaar.

FERDINAND: Danksy die nuwe pad is dié huis van die vlamme gered, ja of nee?

NEDDA: Ferdinand, hulle't van my grond gesteel om daardie pad te bou. Sommer gekom en gevat.

SOFIE: Hulle skuld julle geld?

FERDINAND: Wie is 'hulle'?

NEDDA: Nie eers 'n helling gebou af na ons garage nie.

LIZZIE: In die ryp gly die kar se wiele op die gras.

FERDINAND: Danksy 'hulle' is julle hier ten minste nou deel van die beskawing.

NEDDA: Beskawing! Glory be!

LIZZIE: Sonder teevee of magazines . . .

NEDDA: En dan is daar ook die elektrisiteit . . .

FERDINAND: 'n Mooi teerpad tot by julle voordeur, nie 'n gebreekte as op die ou sinkplaat nie . . .

NEDDA: Al wil jy dit nie hê nie, moet jy daarvoor betaal.

FERDINAND: Kar? Wie bestuur die kar?

NEDDA: Ek.

FERDINAND: Jy mag nie, Ma. Jou liksens is ongeldig verklaar toe jy . . .

NEDDA: . . . in iets groot vasgery het, ja ja ja. Dit was nie veronderstel om daar te wees nie.

FERDINAND: 'n Polisievangwa, ja.

NEDDA: Nou goed, ek lieg. Lizzie bestuur.

FERDINAND: Lizzie bestuur?

LIZZIE: Maklik. Geleer deur na die teevee te kyk. *LA Law* en *Dallas*. Hulle spring net in, slaan aan en woerts – weg!

FERDINAND: Lizzie bestuur???

LIZZIE: Net, ons kar se stuurwiel is op die verkeerde kant.

NEDDA: Want dis nie 'n Amerikaanse kar op die TV nie!

LIZZIE: Dis nie my skuld nie.

FERDINAND: Waar't jy geleer bestuur, Lizzie?

NEDDA: Sy sê mos, man. Die TV.

FERDINAND: Ma!

NEDDA: Toemaar, Ferdinand, ons het nie ’n TV nie.

FERDINAND: Ma, ek laat die kar haal en verkoop. Julle’t nie ’n kar nodig nie!

LIZZIE: Ingeval van nood.

FERDINAND: Soos wat?

LIZZIE: Gedurige nood. Stad toe ry vir . . . wel, jy weet . . .

NEDDA: Lizzie se magazines.

FERDINAND: Wat?

LIZZIE: Wat?

NEDDA: Sal jy twee ou vrouens alleen in die veld los?

LIZZIE: Sê nou die een val om?

NEDDA: Ons het g’n foon . . .

LIZZIE: . . . g’n elektrisiteit . . .

NEDDA: G’n liewe jong mense om ons te help nie!

Pouse.

FERDINAND: Wil jy hê ek moet jou hier kom versorg? Ek het my werk, my verpligtinge . . .

NEDDA: Vat weg my kar, en ons gooi duim.

LIZZIE: Dan word ons verkrag!

NEDDA: En vermoor!

LIZZIE: En wie se skuld sal dit wees?

NEDDA: Besluit jy maar oor ons lot, my seun.

Pouse.

Hy is verstom.

Sy lag.

Dis ’n grap, Ferdinand

FERDINAND: In swak smaak!

NEDDA: Mamma trek jou been!

FERDINAND: Dis onregverdig.

NEDDA: Dis ’n grap!

Hy is dikbek.

LIZZIE: Hoekom ry julle in ’n trekter?

SOFIE: 4x4. Hy’t dit gehuur, gehoop dit sou sy seuns hiernatoe lok.

LIZZIE: O ja?

SOFIE: Dis baie . . . wat’s ‘fashionable’ in Afrikaans?

NEDDA: Buitelands.

SOFIE: Vernaamlik in sy stedelike gebiede. Pretoria is mos ’n wildtuin – vol rare and protected species . . .

LIZZIE: O ja. 4x4? Lyk maklik om te bestuur . . .

FERDINAND: Nee!

NEDDA: Los die kinders uit, Lizzie. Hulle’s so droog.

FERDINAND: Dankie . . .

NEDDA: Droog, Ferdinand, droog!

FERDINAND: Die seuns is eintlik by hulle ma tot volgende week. Haar . . . vriend het ’n boot op die Vaaldam.

LIZZIE: So, Master Ferdie, hoe gaan dit nou met haar?

FERDINAND: Sy trou weer volgende maand.

NEDDA: Weet ek hiervan?

FERDINAND: Nee. Ek het ook net onlangs uitgevind. In die magazines!

NEDDA: Maar jy hou die kinders?

FERDINAND: Die seuns is al groot genoeg om vir hulself te sorg. Hulle’s amper twintig, Ma!

Pouse.

SOFIE: Haai, ons moes destyds met mekaar getrou het, Ferdie.

FERDINAND: Ja, ons moes.

SOFIE: Jy’t vir my ’n blikring gegee, onthou jy? Ek het ja gesê.

FERDINAND: O?

SOFIE: Jy’t seker vergeet.

NEDDA: Vergeet is ’n familiekwaal.

SOFIE: Dan, as ons geskei het, sou ek die kinders hou, en jy sou vry wees.

FERDINAND: Ek is vry.

NEDDA: Julle jong goed trou almal glad te vinnig. Julle ou melktandjies lê nog en wag vir die feetjie se tien sent, dan skei julle al. Hoekom is jy nog alleen, Sofie? Is daar iets verkeerd met jou?

FERDINAND: Ma!

NEDDA: Ag kom nou, laat ek dit anders stel: is daar in jou Verenigde State van Amerika nog iemand oor met wie daar niks verkeerd is nie?

SOFIE: Wie is ooit alleen saam met vriende?

NEDDA: Ek’t gehoor almal gaan daar dood aan daardie Aids!

LIZZIE: Die magazine-storie sê Miss Sofie het ’n jonger man daar in New York.

FERDINAND: Toyboy?

SOFIE: Net ’n vriend.

NEDDA: Wat sê Ben en Sally as hulle dit lees?

SOFIE: ‘My kind, is hy swart?’

NEDDA: Is hy?

SOFIE: Nee, maar Tannie ken mos vir Mama en Papa. Verwag altyd die ergste.

LIZZIE: En dis die ergste?

SOFIE: Dit was, tot onlangs.

Pouse.

Ferdie?

FERDINAND: Ja. Ma, wat wil julle doen? Sal ons hier praat, of na die hotel gaan?

Sy maak ’n gee-nie-om-nie-gebaar.

Ons moet praat

NEDDA: Wat moet ons in daardie aaklige hotel gaan soek? Ons praat mos hier.

FERDINAND: Lunch, Lizzie!

LIZZIE: Ons het ’n stukkie hoender oor. Moenie sê julle’s vegetarians nie . . .

NEDDA: Ons bly net hier. Kyk hoe Ferdie se moderne realiteit ’n miljoen jaar se ontwikkeling in ’n dag vernietig.

Sy verwys na die skip.

Fluister vir Lizzie.

Wat het hy nou daar gesê van my verjaarsdag?

LIZZIE: Jou verjaarsdag?

NEDDA: Ja!

LIZZIE: Jammer, ek het ook vergeet . . .

Hulle giggel.

Ferdinand kyk in die kamer rond.

FERDINAND: Wie’t die verfwerk so opgemors?

NEDDA: Iemand baie goed.

FERDINAND: O?

LIZZIE: Ek en jou ma.

NEDDA: Regtig?

LIZZIE: Ja. Ek was op die leer, jy was onder op die vloer.

NEDDA: Glad nie sleg vir twee ou dames nie.

SOFIE: Ek dink dis perfek. Julle hoef niks verder aan die huis te werk nie. Mama en Papa sal seker wil hê alles moet bly soos dit nou is.

Pouse.

NEDDA: O?

FERDINAND: Jy't weer vergeet, Ma?

NEDDA: Ek hoop so.

FERDINAND: My brief het alles noukeurig verduidelik!

NEDDA: Dit lê daar.

LIZZIE: Ons was besig om dit te lees . . .

FERDINAND: Kan my ma nou ook nie meer haar eie private briewe lees nie?

NEDDA: Was daar iets in die brief, Lizzie?

LIZZIE: Nee, Miss Nedda. Net nuus oor sy egskeiding, oor die kleinkinders se liefde aan Miss Nedda; oor die feit dat almal Avonstrand mis . . .

FERDINAND: Jy moet altyd inmeng, nè, Lizzie? My pa het jou nie verniet destyds hier uitgegooi nie.

LIZZIE: Ek het 'destyds' my eie familieprobleme gehad. Ek is nie uitgegooi nie.

FERDINAND: Pa kon nie astrantheid vat uit die mond van 'n . . .

LIZZIE: Toe sê dit: 'n meid?

FERDINAND: Ja. Jy was 'n astrante meid.

LIZZIE: En jou pa was 'n tipiese . . .

FERDINAND: Sê dit . . .

LIZZIE: Boer!

NEDDA: . . . sê wat jy in die brief geskryf het.

LIZZIE: Nee. Nie nou nie.

Nedda word paniekerig.

NEDDA: Wat is dit dan? Wat broei hier om my uit? Het julle besluit om my êrens te laat opsluit?

Pouse.

Lizzie verander vinnig die onderwerp.

LIZZIE: En, Miss Sofie, wanneer laas was jy by daardie plot langs die see?

SOFIE: Ferdie, jy't gesê . . .

FERDINAND: Daar was niks in die brief oor julle plot nie.

SOFIE: Tannie Nedda, Tannie onthou ons plot . . .

LIZZIE: Plot? Miss Nedda sê julle laat dit soos ’n parkeerplek klink. Daardie mooiste stukkie ongeknelde veld in die land? Ja, sy onthou dit baie goed.

SOFIE: Wel, dis nou die storie. Ná Papa se beroerte kon hulle vir maande nie na die stukkie veld gaan nie. En toe een naweek het my broer en sy vrou hulle gaan haal, en hulle’s toe oor die berg na die see.

NEDDA: Ja, die tweede afdraai ná die garage, net duskant die ou Strendel-plaas. Die pad was altyd stowwerig in die somer, of modder in die reën. Jy ry af tot by die see, tot die grys en oranje rotse amper onder jou wiele staan, dan draai jy regs. Ry tot by die sandduine, waar daar een jaar ná die reën ’n hele trop veldmuise gedans het. Ons het so gelag. Dan staan jy en kyk uit op paradys. Soos dit was net ná die Skepping. Proteas en klein kalkoentjies, varings en pypies . . .

SOFIE: Die ou melkbos met sy kromstamme?

NEDDA: Ja . . . *Sideroxylan inerme*!

LIZZIE: Ghwarrie!

NEDDA: È . . . ja . . . dis op die tippie van my tong . . . *Euclea racemosa*!

LIZZIE: En strandolyf!

NEDDA: Jy onthou die naam van die strandolyf, Ferdinand?

FERDINAND: Nee, Ma, ek kon dit nooit onthou nie.

SOFIE: Ek onthou! *Olea exasperata*?

NEDDA: Glory be! Dan was daar . . .

LIZZIE: *Disa*?

NEDDA: *Disa racemosa* . . . è . . .

LIZZIE: *Elegia*?

NEDDA: . . . *thyrsifera*!

LIZZIE: *Erica*?

NEDDA: . . . *patersonia*!

LIZZIE: *Gladiolus*?

NEDDA: . . . *carneus*!

LIZZIE: *Senecia*?

NEDDA: . . . *rigidus*, en die geliefde *Mimetes hirtus*!

LIZZIE (*fluister*): Glory be!

NEDDA: Nêrens ’n spoor van die mens, g’n gebreekte blaar, of velskoen-voetstap in die sand nie. Vir al die jare het dit so gebly. En vir altyd sal dit so wees, DV. Lank ná ons weg is.

FERDINAND: Nee.

NEDDA: Ja. Sonder jou elektrisiteit en militêre paaie!

FERDINAND: Nee, Ma.

SOFIE: Wel, sien Tannie, toe hulle daar aankom, was daar op die erf gebou.

Pouse.

’n Huis op die stuk veld . . . gebou.

NEDDA: Hulle’t ’n huis daar laat bou?

SOFIE: ’n Enorme voorstedelike kasteel, badkamers en slaapkamers en patio en swembad én ’n tennisbaan in aanbou.

NEDDA: Ek glo dit nie! Ben en Sally?

FERDINAND: Nee. Iemand in Pretoria. Hulle’t êrens langs die kus ’n erf gekoop, en ’n praghuis uit die katalogus gekies en laat bou . . .

SOFIE: . . . Maar op die verkeerde erf.

NEDDA: Die verkeerde erf?

FERDINAND: Op ’n lessenaar in Pretoria lyk al die erwe langs die see min of meer dieselfde.

NEDDA: ’n Huis op Ben en Sally se veld en flora? Dis krimineel!

FERDINAND: As Ma dit so platweg wil stel.

SOFIE: Dis ’n pragtige huis . . .

NEDDA: Alles wat vir hulle waardevol was, is vernietig?

FERDINAND: Ma, nie almal in die wêreld is so geheg aan ’n paar plantjies nie. Dit was ’n geweldige finansiële terugslag vir hulle. Gelukkig het ek kontakte hier én daar in Pretoria, en ons kon met die oorspronklike huiseienaars onderhandel. Daar word nou op hulle regte erf gebou en almal is gelukkig.

NEDDA: Almal is gelukkig?

FERDINAND: Ek dink dis baie ordentlik van die maatskappy om die huis aan Ben en Sally en die kinders te skenk. Natuurlik ‘in lieu of’ en so voorts.

SOFIE: Ferdie het so baie gedoen, Tannie. Ons is almal so dankbaar.

NEDDA: En wat sê sy?

SOFIE: Mama is . . .

NEDDA: Sy! Jou mooier sussie, *Zeyheri*. Sy’s seker verheug oor al die verskonings en geskenke, soos sy daar lê, versmoor onder die beton en die gruis?

Pouse.

FERDINAND: Wel, dis nou waar die storie interessant raak.

SOFIE: Mama en Papa sê toe nee.

NEDDA: Glory be!

SOFIE: Hulle wil na die hoogste hof in die land gaan . . .

NEDDA: Ek sal die koek en koffie versorg . . .

SOFIE: Toe sê die maatskappymense dat hulle enige ander stukkie grond langs die berg, al kos dit wat, vir Mama en Papa sal koop.

FERDINAND: Die maatskappy . . . my kontakte . . .

LIZZIE: Warm . . . warmer . . . warmste . . .

NEDDA: . . . wat ’n vreeslike verhaal . . .

Sofie en Ferdinand praat onderlangs.

SOFIE: Jy’t gesê Lizzie het alles verduidelik!

FERDINAND: Sy moes!

SOFIE: Maar jou ma onthou dan niks!

NEDDA: Nee, sy onthou niks!

Pouse.

LIZZIE: En waar groei die vleiroos, behalwe nou in die nuwe wynkelder van die huis wat baas Ben en Miss Sally nie gebou het nie?

NEDDA: Hier bo in ons berg . . .

Pouse.

O . . . nee . . .

FERDINAND: Ja, Ma, net hier agter.

NEDDA: Nie meer nie. Nooit hier nie.

FERDINAND: Altyd hier! Daardie pienk groeisel was altyd van meer belang as ek met masels, of Blanche met ’n gebreekte been.

NEDDA: Jy’t nooit masels gehad nie!

SOFIE: Net hier bo, Tannie het mos gesê.

NEDDA: Tannie’t gelieg.

SOFIE: Ook in Tannie se boeke daaroor geskryf.

NEDDA: Die vleiroos is nie in die mark nie.

SOFIE: Dit was al veld waaraan Mama en Papa kon dink.

NEDDA: Ons veld is nie te koop nie!

FERDINAND: Dis nie ’n koop nie, Ma. Dis tussen vriende.

NEDDA: O, jy’s nou skielik my beste vriend?

FERDINAND: Ben en Sally.

NEDDA: Ek weier om te glo hulle sal so iets laat gebeur.

SOFIE: Kan ons nie ’n paar idees van my bespreek nie?

NEDDA: Dis my veld . . .

FERDINAND: Kom nou, Ma. Daar’s ’n baie gemaklike plek by my in Pretoria; daar’s ook ’n lekker nuwe oumawoonstel in Parys by Blanche.

NEDDA: Snaaks, *chéri*, ek het al my Frans vergeet!

FERDINAND: Avonstrand sal ook uiteindelik in die twintigste eeu moet kruip! Dis op die kaarte.

NEDDA: Nie my kaarte nie. Nee, nee, nee!

FERDINAND: Dan is daar die moontlikheid van die nuwe kernkragreaktor . . .

NEDDA: Nee. Ferdinand, lees my lippe as jy doof is. Mamma sê nee!

Sy sit haar hoed op.

Lizzie? Ek gaan buitentoe na die ware goggas.

Sy loop uit.

SOFIE: Sies, man, jy’t gesê dis alles bespreek.

FERDINAND: Jy’t die brief gelees?

LIZZIE: O ja, ek lees vir haar voor, die paar briewe wat sy nog kry. Meeste sê iemand wat sy liefhet is dood. Dan lieg ek, en vertel dat iemand weer ’n ouma geword het, en om nie te panic nie, want alles sal regkom. Dan lag sy. Ek sensor ook die koerante. Miss Nedda se wêreld moet vol goeie nuus bly.

FERDINAND: Jy maak haar siek.

LIZZIE: Siek en sat vir die nuwe wêreld en sy bedrog? O ja.

FERDINAND: Jy weet goed waaroor ons nou praat! Dit was alles in die brief!

LIZZIE: Die beste van alles is op bladsy drie: die groot spook van die ‘kernreaktor op Ma se proteas’. Ek het amper hardop gelag. Skaam jou, Master Ferdinand, sy’s nie ’n dom skaap wat jy probeer verwilder nie; sy’s jou ma!

FERDINAND: Ons het die geld nodig, Lizzie.

LIZZIE: Nee wat, twee ou vrouens eet minder as een van julle swartmens-vretende rottweilers daar bo in die noorde.

FERDINAND: Nou goed dan, ek het die geld nodig!

LIZZIE: Jou besigheid?

FERDINAND: Ja.

LIZZIE: Wat noem jy dit? Rat race?

FERDINAND: Dis slegte tye vir almal.

LIZZIE: Ja, die waterbokkie kom drink net uit ons kraan, wat juis daarvoor druppend moet bly. Die bergwater is siek, die bruin gemmerbierkleur is amper weggebleik tot doodswit, soos giftige jellie.

FERDINAND: Die militêre invloed bo in die berg verseker ’n skoon omgewing.

LIZZIE: Sy’s die hoof van die huis.

FERDINAND: Toemaar, Blanche en ek is al klaar hieroor uitgepraat. Ma moet nou self besluit. Óf sy sê ja, óf ons sê ja namens haar. Dit sal net beter lyk as dit van haar kom.

SOFIE: Sien, Mama en Papa sal die grond net aanvaar as die aanbod van tannie Nedda self kom.

FERDINAND (*roep*): Ma? Waar is sy . . .?

LIZZIE: Sy meet die fondamente vir jou nuclear-reaktor.

SOFIE: Gaan na haar, iemand . . .

LIZZIE: Nee, hokaai! Laat daar eers pille gesluk word. Myne is vir bloed, hare is vir moed.

Sy tel pille uit op ’n stukkie plank met ’n glas water.

Onthou jy, Master Ferdinand, toe jy nog ’n têngerige kind was, en jou pa so teleurgesteld was, want jy was kleiner as die rugbybal? Toe moes ek jou elke aand ná ete ’n eetlepel lewerolie ingee?

FERDINAND: Ja, maar ek het dit in die veld uitgespoeg.

LIZZIE: Daar tussen die waboomproteas. En kyk hoe mooi sterk staan hulle nou. Vol selfvertroue.

Sy gaan uit na Nedda met die pille.

FERDINAND: Ek moes tien, elf, twaalf gewees het . . . in die bad, met ou Lizzie met die waslap en seep. Besig om my rug te skrop, my ore was, my hare. My oë was altyd vol seep . . . toe lag sy hard . . . ‘Wat’s so snaaks, Lizzie?’ vra ek. Sy lag weer . . . wys met haar vinger. ‘Kyk!’ sê sy. ‘Kyk, Mastertjie Ferdinand Barnard!’ Ek kyk af . . . sien niks . . . hel, ek was maar net tien, elf of twaalf! ‘Wat is dit!’ ‘Kyk! Jou duifie kry vere!’

Pouse.

Sofie probeer om nie te lag nie.

Sy was die laaste vrou wat in my badkamer toegelaat is!

SOFIE: Ek sal onthou.

FERDINAND: Ek kon eers nooit verstaan hoekom my pa haar nie voor sy oë kon verdra nie. Maar daar het jy dit: Pa vat nie kak van ’n meid nie, en dié ou meid vat nog steeds nie kak van ’n Boer nie.

SOFIE: Sy bedoel dit seker goed . . .

Sy lag.

Jou wat? Jou ‘duifie’?

FERDINAND: Ek was veertien toe sy een oggend . . . ná ’n argument in die kombuis . . . sonder totsiens, net oppak en loop. Ons was histeries . . . Ek en Blanche het deur die jare met haar vriende gebly, al het my pa haar die huis belet . . . sy’t stilletjies by ons kom tee drink, Saterdae . . . toe Pa en Ma hier met Avonstrand se blomme kom speel het. Ek en Blanche en sy het maar in die kombuis rondgestaan . . . almal ongemaklik, hakkelend. Eers het sy oudergewoonte haar gebreekte koppie vol flou tee geskink . . . toe, ná ’n paar jaar, skielik Earl Grey-tee uit Ma se koppies, een Kersfees. Toe een Meimaand, saam in die eetkamer om die tafel gesit en van haar tuisgemaakte koekies geëet, en vir ’n lang tyd . . . diep dinge gepraat . . . soos grootmense.

SOFIE: Diep dinge?

FERDINAND: Politiek . . . ongehoord. Die volgende jaar toe in die sitkamer, heeltemal normaal . . . net, die jong bediende wat ons toe gehad het, het vies uitgestorm. Sy’t botweg geweier om ‘coloureds’ te ‘serve’, het sy gesê.

Hulle lag.

Toe eendag later kom Pa in en sit saam.

SOFIE: Was jou ‘duifie’ toe al vlieënd?

FERDINAND: Ja, ek was al getroud . . . ons twee babas het in Lizzie se arms gelê. . . In kom die nuwe trotse oupa . . . baie styf en formeel, maar sit saam. ‘Hoe gaan dit by die huis, Lizzie?’ ‘Goed, Dokter.’ ‘Kinders nou groot?’ ‘Al die kinders word nou groot, Dokter.’

SOFIE: Wonderlik!

FERDINAND: Ja, daardie . . . astrante ou Lizzie. Dit was die eerste keer dat iemand onwit in ons sitkamer kon sit en tee drink. Ou Lizzie het ons . . . ons vooroordeel net so laat verkrummel.

SOFIE: Sy’s goed vir jou ma.

FERDINAND: Ma was altyd op haar beste aan die begin van dinge: ons babajare, hulle huwelik, hierdie huis. Dit was Blanche se idee om Lizzie uit haar afsondering te gaan haal om Pa in sy laaste jaar te versorg. En toe hy dood is, was Lizzie by die begrafnis, eenkant in haar hoed, met haar drie bruin seuns en hulle drie seuns elk. Blanche het Lizzie genooi om aan te bly. Ma was nie mal oor die idee van ’n ou bediende terug as kamermaat nie, maar kyk rond . . .

SOFIE: Lizzie se huis? Dis ook Lizzie se huis!

Sy is ontsteld.

Wat van Lizzie?

FERDINAND: Toemaar, sy word goed betaal. Sy kan maklik ander werk soek.

SOFIE: Is dit haar werk, of haar lewe? Haar liefde!

FERDINAND: Sy't haar eie familie.

Hy neem haar hand.

Het jy regtig ja gesê?

SOFIE: 'Ja, Ferdinand Barnard, ek sal met jou trou.'

FERDINAND: Hoekom het ek nie gehoor nie?

SOFIE: O jy het. Jy't net met jou antwoord gewag totdat ons almal saam was onder op die strand, al die kinders, tot daardie common Hendriks-tweeling met hulle rooikopma, en jy't gesê: 'Sofie Clarens, wil met my trou?' En toe sê jy vir my: 'Ek trou nie met bywoners nie.'

FERDINAND: Nooit!

SOFIE: Ons was altyd op die plot in daardie lekkende tent. In jou oë was ons bywoners.

FERDINAND: Ek onthou nie.

SOFIE: 'Stokperd. Verlep-pop . . .' Wat het jy my nóg voor hulle genoem? 'Sofie-bakbeen. Clarens die skeeloog-kameelperd.'

FERDINAND: Jy was!

SOFIE: Ja, ek het dit laat opereer. My bene ook.

FERDINAND: Jy lyk baie anders.

SOFIE: My neus. My boobs.

FERDINAND: Ek wou mos sê!

SOFIE: O regtig? As kind was jy, as we say compassionately in America, one real true son of a bitch.

Nedda en Lizzie kom in.

NEDDA: Moenie alles nou op Ma blameer nie. Ferdinand, ek het diep met die goggas gaan praat oor jou plan om hulle tuisloos te maak, en hulle sê ook jy kan gaan bars.

SOFIE: Wat gaan ons doen?

NEDDA: Ek is jammer oor jou ouers, Sofie. Diep en eg seer oor hulle verlies. Ek wens ek kon iets doen, miskien daar bo in die berg gaan klim op soek na die *zeyheri*, om 'n foto van haar te neem om vir hulle te gee.

SOFIE: Papa is nou verlam. Hy sit in 'n rystoel, en Mama se oë is nog nie reg nie, ten spyte van daardie operasie.

NEDDA: En as hulle hier kom woon? 'n Verlamde ou bioloog en sy blinde geliefde?

Pouse.

Kom nou, kinders! Hier word beslis nie behoorlik gedink nie!

SOFIE: Tannie, ek slaap nie saans nie!

NEDDA: En jy lyk wonderlik! Lizzie, waar's my bergstewels?

LIZZIE: Waar hulle altyd is.

NEDDA: Moskou? Pofadder? Onder die bed?

LIZZIE: Agter die kombuisdeur, op 'n stuk koerant waar hulle altyd is.

Nedda gaan na die deur, stop en draai na hulle.

NEDDA: Wat het jy dit vroeër genoem, Ferdinand? So verbasend diep poëties: in die land van die blindes is wit kierie die god?

FERDINAND: Nie heeltemal nie, Ma, maar amper . . .

Nedda gaan uit.

LIZZIE: Bergklimstewels? Dis al wat ons nodig het. Miss Nedda, dis te warm om te gaan stap!

FERDINAND: Lizzie, wat gaan ek doen?

LIZZIE: Niks. Jy gaan in jou trekter klim en terugry na die beskawing. Sê vir jou kinders hulle ouma verlang. Lieg 'n bietjie. Dit help die giftige lug skoon hou.

FERDINAND: Sy moet net die dokumente teken.

LIZZIE: Sy's mos mal. Haar handtekening beteken niks!

Nedda kom in, reg vir bergklim.

NEDDA: Seun, jou duur, handgemaakte, ingevoerde skoene lyk sterk genoeg om teen die rotse uit te klim. O, Lizzie, bring die flessie koeldrank vir ons pille. Bring die pille.

LIZZIE: En wie probeer ons beïndruk met hierdie Groot Trek, Miss Nedda? Die besigheidsman, of die beauty queen?

'n Ontploffing buite.

SOFIE: Wat is dit!

FERDINAND: Die tanker!

LIZZIE: Hoe lank sal dit nou brand . . .

NEDDA: Weke, maande. Pikswart wolke. Nag vir dag.

LIZZIE: Ons goggas sal nooit weet wanneer om te tjirp of slaap nie.

Hulle kyk in stilte.

LIZZIE: So? Wat gebeur prakties gesproke?

NEDDA: Prakties gesproke?

LIZZIE: Ja. As ons uitgaan moet ek toemaak en sluit. Die plakkers eet enigiets was sag is, en wat hard is gaan in hulle dakke.

NEDDA: Ons gaan bergklim.

LIZZIE: Grappie?

NEDDA: Nee. Gaan trek jou tekkies aan.

LIZZIE: Op een voorwaarde.

NEDDA: Een.

LIZZIE: Ek kry my teevee?

NEDDA: Goed.

LIZZIE: Magazines afgelewer by die deur?

NEDDA: Dis twee!

LIZZIE: Onthou nou, ons het getuies.

Terwyl sy uitgaan:

Onthou, julle's getuies.

FERDINAND: Waaroor was dit?

NEDDA (*glimlag*): Kan nie onthou nie.

FERDINAND: Ma, daar's nie tyd vir speletjies nie.

NEDDA: Ons gaan daardie ou pad klim, soos in die lekker dae toe Dokter hier was, en Ben nog kon loop en Sally nog kon lag, en julle kinders klein genoeg was om nog te kon droom, en ou Lizzie nog lekker kon vloek soos 'n penkop; daardie dae toe ons nog die gode was, en die natuur net ons lakei.

Ferdinand grom en gaan uit.

Ferdinand, jy's 'n ou man!

SOFIE: Wat gaan ons daar doen, Tannie?

NEDDA (*fluister*): Sy wag daar bo in haar rotskasteel. Die son sal onnatuurlik rooi skyn deur die rook van die brandende olie, maar sag lyk op haar pienk lokke.

Lizzie kom in, ook reg vir die berg.

LIZZIE: Ek het 'n ekstra bloedpil gevat, net ingeval.

NEDDA: Ek voel soos 'n jong bok.

LIZZIE: Jy sal net 'n stroke daar bokry, Miss Nedda.

NEDDA: Dan is jy alleen, ou Lizzie. Kom kry liewers 'n stroke saam met my?

LIZZIE: Dis baie warm, hoor?

NEDDA: Warm? Warmer?

SAAM: Vuursmeltwarmste!

Hulle lag.

Ferdinand kom in met ’n album foto’s.

FERDINAND: Waar was dit al die jare?

Sien almal is reg.

Moet ek saamkom?

NEDDA: Jy’s die man. Ons word dalk aangeval sonder jou.

LIZZIE: Enigiets is moontlik.

FERDINAND: Waar gaan ons?

NEDDA: Die mooier sussie vra of sy aan ‘Papa en Mama’ wil behoort.

SOFIE: *Zeyheri.*

Sy gaan uit met ’n sonhoed.

NEDDA en LIZZIE met die uitgaan:

NEDDA: Jy moet nou nie agter my klim nie, Lizzie.

LIZZIE: Moenie vir my nou rondboss nie, Miss Nedda . . .

NEDDA: Die los klippe, hoor?

LIZZIE: Maar ek is mos nie ’n bleddie fool nie, Miss Nedda . . .

TONEEL III

Die sonlig en terugflits eindig.

Nou reën dit buite.

FERDINAND: Ken jy hierdie lelike kinders?

Hy gee haar die album.

SOFIE: Waar kry jy dit!

FERDINAND: Ek weet nie waar om te begin nie.

SOFIE: Dit voel nie reg nie . . .

FERDINAND: Iemand moet dit doen.

SOFIE: Ferdinand, ek hoop die hemel is ver weg van ons vandag.

FERDINAND: Al was dit bokant ons, Sofie, sou niemand sonder bifocals deur die wolk na onder kon kyk nie.

SOFIE: Ver, ver weg, sodat niemand wat ons liefhet nou kan sien wat hier gaan plaasvind nie.

FERDINAND: Los nou die spookstories, Sofie. As dit jou ongemaklik maak, hoef ons niks te doen nie. Ons kan teruggaan en iemand anders sal dit moet doen.

SOFIE (*sug*): Ons is hier.

FERDINAND: Dit was jou idee om saam terug te kom.

SOFIE: Ek is bly ek is hier.

FERDINAND: My hooikoors begin weer . . .

SOFIE: Ek mis net die son.

FERDINAND: Dis die blomme.

SOFIE: Dis nou soos ’n ou swart-en-wit foto . . .

FERDINAND: Wel, ek kan jou verseker . . .

Nedda kom in en kyk na Ferdinand.

SOFIE: Dit voel nie reg nie.

FERDINAND: Iemand moet dit doen.

Hy kyk na Nedda.

Iemand moet dit doen!

Pouse.

Die handeling gaan voort.

Sofie blaai deur die fotoalbum.

SOFIE: Hulle’t alles gehou. Tot my tekeningboekie . . .

Sy kyk.

Sy lag.

Hier's my ruwe sketsies van Prinses Zee. Pa wou altyd gehad het ek moes 'n illustreerder word. Hy sou die tekste skryf, en ek sou sy damn blomme en plante teken . . .

FERDINAND: Die plek is altyd neerdrukkend in die reën . . .

SOFIE: Kyk. 'n Oorspronklike Clarens.

Sy wys hom die tekening.

FERDINAND: Wie's dit veronderstel om te wees?

SOFIE: Ferdinand Barnard.

FERDINAND: My neus is kleiner . . .

SOFIE: Jou kop is groter.

Hy sug en sit.

Eet van die sjokolade.

FERDINAND: Wil jy hê?

Sy skud haar kop.

Die sokkielaai is vol blokkies bitter sjokolade. Die serplaai vol pakkies lekkers. Pille orals. Droë blomme platgedruk tussen die blaaie van boeke.

SOFIE: En hope magazines in Lizzie se kamer, besig om haar ou TV-stel regop te hou. Ek't tot 'n ou *Sarie* gevind, nog met my op die voorblad.

FERDINAND: Kyk hier. Boereraatboekie.

Hy gee haar 'n boekie.

Vat dit terug na al jou siek vriende in Amerika.

SOFIE: Wat?

Sy kyk na hom, wil antwoord, maar skud net haar kop.

Lees:

'Meng mis met melk, en plaas dit op wond. Dit sal vinnig genees.'

Sy lag.

Die Koeimis-milkshake . . .!

TONEEL IV

Die sonlig straal binne met die terugflits.

Lizzie loop in met ’n bak water.

Sofie het die boek.

SOFIE: . . . Dis belaglik!

LIZZIE: Trek die skoen uit.

Ferdinand huppel seervoet na die stoel.

FERDINAND: Ek kan nie, dis te seer.

Nedda kom in met medisyne.

NEDDA: Kleinserige knaap! Jy’t jou enkel verswik, my seun, nie jou rug gebreek nie. Vryf dit in.

Sy gee hom die salf.

SOFIE: Tannie, luister hierna.

Lees.

‘Meng mis met melk en plaas dit op wond. Dit sal vinnig genees.’

NEDDA: Laat ek sien? ‘Boereraat vir lyfpyn. Drink bottel brandewyn uit. Pyn sal verdwyn.’

FERDINAND: Dis wat ek nou nodig het!

NEDDA: Ek het dit al op ongelowiges sien werk.

LIZZIE: Sit jou voet in die bak water, Mastertjie!

SOFIE: ‘Rate Vir Boere’? Waar kom Tannie hieraan?

NEDDA: Ek kan nie onthou nie. Nee, ek bedoel ek kan regtig nie onthou nie. As jy my nou moet uitvra na al my rondlêgoedjies – die boeke, die kerse, die speelkaarte, legkaarte, onsinnige dingetjies van duskant en daar; van wie en waar; wat kan ek sê? Ja, wel – hulle’s hier. Êrens langs die pad van die lewe op my wa geklouter en saamgery.

Lees uit die boek.

Hier’s net die ding vir Ferdinand se enkel.

Maak asof sy lees.

‘Verswikte enkel wat ontstaan as stadsjapies met onpraktiese stewels hardkoppig teen die berg uitklim, sonder om na hulle ma’s se goeie raad te luister. Was die kind se ore behoorlik uit, en laat staan hom in die trekkerige hoekie vir ’n uur, sonder roomys!’

LIZZIE: Met voet in water!

FERDINAND: Baie snaaks. Kyk . . . julle gaan my nie forseer om my duur skoen oop te sny nie . . .

NEDDA: Goeie ou raat vir die eenvoudige boer . . . o hel . . .

LIZZIE: Jy okay?

NEDDA: Hou aan nonsens praat . . .

Sy lyk moeg. Waai Lizzie se aandag weg.

LIZZIE: Tog nie my goeie skilmes gebruik nie, nè, Miss Nedda? Nes die ou dae, toe hy in my kombuis rondgekrap het vir iets om kastig buite in die tuin te gebruik.

SOFIE: En wat was hy besig om te doen?

LIZZIE: ’n Lat te sny!

FERDINAND: ’n Lat vir Lizzie.

LIZZIE: Vroeg geleer vrou slaan.

FERDINAND: Wat bedoel jy daarmee?

LIZZIE: As die skoen pas, sny dit oop, Master Ferdie.

Hy gluur haar aan.

SOFIE (*vinnig*): Waarvoor die lat dan?

FERDINAND: Ons het gestaan en wag tot jy om die hoek kom . . .

LIZZIE: Gewoonlik met ’n vol skinkbord . . .

FERDINAND: . . . en dan plak! Op jou dik stert!

SOFIE: Ferdie! Skaam jou!

LIZZIE: O ja, hard!

FERDINAND: Ja, maar jy’t nooit die skinkbord laat val nie.

LIZZIE: Of vir jou gevang nie, klein snip.

FERDINAND: Eenkeer het jy ons gejaag, en arme Blanche aan haar vlegsel beetgekry.

LIZZIE (*aap na*): ‘Lizzie-as-jy-aan-my-slaan-gaan-ek-vir-Papa-sê . . .’

FERDINAND: Vir haar die pak slae van haar lewe gegee.

LIZZIE: Net . . . hoe’t jy gesê . . . ‘in lieu of’, ensovoorts.

NEDDA: Jy’t aan my kinders geslaan?

LIZZIE: Hulle’t dan goggas in my bed gesit.

NEDDA: Ek is bly ek het nie daarvan te hore gekom nie.

LIZZIE: Iemand moes die wilde goed behoorlik leer. Met respek, mevrou dokter Barnard, u en u man was meeste van die tyd nie by ons nie.

NEDDA: Ons was altyd as ’n familie saam!

LIZZIE: Nie van ons gewone wêreld nie. Julle twee was altyd êrens agter ’n toe deur, vasgedruk aan die periskoop.

NEDDA: Mikroskoop.

LIZZIE: Amoebas en vieslike glibberige Latynse dinge wat my my laat doodgril.

NEDDA: Wonders van die lewe.

LIZZIE: Ja, maar die twee klein wonders van júlle lewe het julle verbygekyk, tot ná die reën gekom het.

NEDDA: Ek was altyd lief vir my kinders!

LIZZIE: Terwyl ek hulle moes grootmaak.

'n Ou argument. Nedda is vies.

FERDINAND: Ja, en kyk hoe lyk hulle nou.

LIZZIE: My seuns het al drie goeie families. Hulle's almal in hul eie huise, self afbetaal, met goeie werk en geen skuld nie.

NEDDA: Geen egskeidings.

FERDINAND: Ek't bedoel: jou wit kinders, ek en Blanche.

LIZZIE: Ek weet wat jy bedoel.

SOFIE: Mis jy nie jou familie nie, Lizzie?

LIZZIE: Waarvoor? Hulle is mos hier. Ek gaan die lunch maak. Miss Sofie, wil jy leer om uiwe te skil sonder om trane te stort?

Sy gaan uit, gevolg deur Sofie.

Nedda sit en kyk strak na Ferdinand, totdat hy ongemaklik word.

NEDDA: Jy lyk nes jou pa.

FERDINAND: Nee.

NEDDA: Jy lyk nie na my nie. Jy aard nie na my nie.

FERDINAND: Nee, dankie tog nie.

NEDDA: Nee, jy's hardkoppig, jy's ongevoelig, jy's oud voor jou tyd.

FERDINAND: Ek's ongewoond aan bergklim in stadskoene.

NEDDA: Jy's suur, Ferdinand. Dit kry jy nie van my of jou pa nie.

FERDINAND: As my enkel ons nie gestop het nie, sou Ma vandag teen daardie berg 'n hartaanval gekry het. Ek het Ma se lewe gered.

NEDDA: Moenie jouself vlei nie. Ek sou al op tot bo en weer af gewees het, was dit nie vir jou nie, Ferdinand.

FERDINAND: O, dis nou alles my skuld?

NEDDA: Dit was soos bergklim met 'n ou man.

FERDINAND: Dit was bergklim met twee ou vrouens!

NEDDA: Jy's suur, Ferdinand. Ons het almal teleurstellings in die lewe ondervind, maar dit het ons nie suur gemaak nie.

FERDINAND: En wanneer laas het Ma tot bo uitgeklim, hè?

NEDDA: Sies tog. Suur!

FERDINAND: Of kan Ma gerieflik nie onthou nie?

NEDDA: Verlede week!

FERDINAND: Jare gelede!

NEDDA: Suur!

FERDINAND: Toe Ma se vriende nog kon klim.

NEDDA: Ons het elke week geklim.

FERDINAND: O ja, en wie kom nog klim?

NEDDA: Almal!

FERDINAND: Elke week?

NEDDA: Ons het net nie tyd nie.

FERDINAND: Nie een van julle was vir jare teen daardie berg uit nie, Ma. Vir al wat Ma weet, het die vleiroos ook al die emmer geskop.

NEDDA: Nee, nee, nee, sy's daar.

FERDINAND: Hoe weet Ma?

NEDDA: Soos ek weet my kinders is nog daar, al het ek hulle maande laas gesien, of van hulle gehoor. En jy lyk nes jou pa! Behalwe jy's suur.

Sy blaai deur die boekie.

Raai, hier's nie 'n boereraat vir mal word nie.

FERDINAND: Ma's nie mal nie.

NEDDA: Dan is die wêreld mal, maar een van ons het beslis hulp nodig

Sy blaai terwyl sy praat.

Moenie panic nie, Ferdinand, alles sal regkom. Ek is nou al baie beter, rêrig. Sedert jou pa se dood was daar oomblikke van alleen wees wat moeilik was om te hanteer. En toe hy weg is sonder my . . . hoe kan ek dit stel . . . het ek skielik in die verkeer van die lewe gestaan, sonder die krag om uit die pad te spring as die vrese op my afjaag, soos groot trokke op die nasionale pad. So alleen, word 'n mens skielik bang vir simpel dinge.

FERDINAND: Watse dinge?

NEDDA: Ag, ek weet nie. Oud word in stilte. Mal word in stilte. Siek wees in stilte. Stil sterf.

Sy sit die boek neer.

Nee, jammer, hier's ook g'n raat teen suur weesnie.

Sy vryf die salf op sy enkel.

Hoekom is jy hier, Ferdinand? Jy kom nooit meer hier nie, behalwe as jy iets wil hê. Wat wil jy dié keer hê?

FERDINAND: Ek is ’n sakeman. Ek werk. Ek vra niks.

NEDDA: O, so jy is hier op besigheid? Gaan jy nou ’n lekker supermark buite oprig vir die dassies? Of ’n sportveld waar die veldmuise kan rugby speel?

FERDINAND: ’n Kernkragstasie . . .

NEDDA: Dit sou my ook nie verbaas as dit nie so totaal belaglik was nie.

Sy kyk uit na die skip.

Vlamme op water. Olie behoort in die grond te bly, soos militêre paaie in ’n militêre kamp, en elektrisiteit in lelike nuwe woonbuurtes. Nie hier nie!

Sy staar uit na die skip.

Het die boere nie raat teen besoedeling nie? Iets om vooruitgang te tem nie? ‘Maak oë styf toe, druk ore stywer toe, en moenie panic nie, want alles sal regkom’?

Pouse.

So, my seun, wat gaan ons doen?

FERDINAND: Ma moet besluit.

NEDDA: Laat ek nou ‘mooi dink’, soos Lizzie aanraai. Ek is nie jonk nie . . .

FERDINAND: Dis nie waar nie.

NEDDA: Moenie inmeng met my gedagtes nie. Ek is nie meer gesond nie. Ek kan nie my werk verrig nie. Ek kan net somtyds onthou en oorvertel, maar dan is hier niemand om te luister nie.

FERDINAND: Daar is Lizzie . . .

NEDDA: Eintlik verveel sy my.

FERDINAND: Sy lewe vir jou!

NEDDA: Haar goedheid maak my siek, haar gedurige lydsaamheid! Ek doen alles wat menslik moontlik is om haar mal te maak, maar sy word nooit kwaad nie. Sy is so . . . geduldig!

FERDINAND: Dis haar werk.

NEDDA: Ag, hoe weet jy? My kinders is besig met hul loopbane, en hou buitendien nie van die veld nie.

FERDINAND: Dis nie waar nie . . .

NEDDA: Realiteite. Hier is daar nie plek vir fasades nie. Hier kan jy net jouself wees. Sonder intrige of slinksheid.

FERDINAND: Jy’t reg, Ma. Ek is by die huis.

NEDDA: Maar is ek nie gelukkig nie! Nou kan ek alles hier verkoop, voordat dit onder my voete deur vooruitgang opgekommandeer word.

FERDINAND: Die lewe gaan aan.

NEDDA: Ja-nee, en ek kan my lewe aan iemand toevertrou wat my liefde sal vertroetel en beskerm.

Sy gooi droë blomme na hom.

Ek is geseën.

FERDINAND: Ja, Ma, jy is geseën.

NEDDA: En as ek daarteen stem, is ek die een wat lyk na ’n blerrie ou fool.

FERDINAND: As Ma dit so brutaal wil stel: ja.

NEDDA: Hoe is dit moontlik dat ek so maklik in ’n hoekie geverf word met my eie kwas?

Lizzie kom in met Sofie. Hulle dra skinkborde.

LIZZIE: Ek dog ons eet sommer op onse skoot.

Nedda staan op.

NEDDA: Moenie vir my dink nie.

LIZZIE: Miss Nedda kan by die tafel sit as sy wil.

NEDDA: Ek is nie ’n invalide nie!

LIZZIE: Dis net lunch!

NEDDA: Gee my kos.

Sy neem ’n bord.

Ek wil nie hier tussen vreemdelinge eet nie.

Sy gaan uit.

LIZZIE (*roep*): Moenie alles vir die muishond gee nie! Hy’s alreeds te vet. Sy vroutjie kla.

Sofie lyk verbaas.

Ja, die muishond is haar vriend.

FERDINAND: Wat het hy wat ek nie het nie?

SOFIE: ’n Sin vir humor?

Sy hou die bord na hom uit.

Moet ek dit vir hom in klein stukkies sny, want hy kan mos nie met sy seer voet eet nie?

LIZZIE: Verskoon my terwyl julle tweetjies huisie-huisie speel. Ek gaan buite sit met my ou pêlle. En intussen, soos julle Americans altyd op ons teevee sê: ‘Get your god-damned act together’!

FERDINAND: Lizzie . . .

Sy gaan uit.

Pouse.

SOFIE: Sy vertel my daar's dae wanneer jou ma niks kan onthou nie.

FERDINAND: Nie vandag nie.

SOFIE: Hoe kan jy haar hier alleen laat woon, sonder foon, sonder hulp, sonder brein . . .

FERDINAND: Sy't 'n briljante brein!

SOFIE: Gehad. Die Britte het 'n Empire gehad. Greta Garbo het 'n loopbaan gehad. Dokter Nedda Barnard het 'n briljante brein gehad.

FERDINAND: Dit kom en gaan. Ná Pa se dood was dit asof sy alles wat verlede was moes neutraliseer. Wens ek kon. Soms wonder ek of dit nie Ma se manier is om verantwoordelikheid te ontduik nie. Dis soms so gerieflik.

SOFIE: Hoe's die voet?

Hy wys daar is niks verkeerd met sy voet nie.

FERDINAND: Ek moes iets doen om hulle te stop.

Hy kyk uit.

Kyk, hulle praat albei tegelyk, en die een luister nie na die ander nie.

SOFIE: Ek dink iemand hoor.

FERDINAND: Nee, ek was verkeerd. Hulle praat en eet tegelyk. Verbasend . . .

SOFIE: Sien, Ferdie, jy kan haar nie hier tussen die verlate strandhuisies los nie.

FERDINAND: 'n Ou mens is 'n voltydse werk . . .

SOFIE: Jy't nou tyd om aan iemand anders te dink.

FERDINAND: O ja? En wat sou dit nou beteken?

SOFIE: Jy sê mos jou vrou het 'n ander man gevind. Sy's okay. Jou seuns gaan binnekort trou en, soos hulle ouers, gelukkig skei.

FERDINAND: Huwelike gaan nie almal so lank aan soos dié van my ouers – en joune nie.

SOFIE: Ferdie, dis vandag, ou maat, nie eergister nie. Die lewe is op fast-forward. Wat jy vandag in die slaapkamer opfok, is môre op die voorblad!

FERDINAND: Alles net pers . . .

SOFIE: 'Bekende sakeman slaan sy vrou'?

FERDINAND: Ja, en Miss Piggy verwag.

SOFIE: Ferdie, jy't my hare getrek, jy't sand in my mond gestop, maar jy het nooit, nooit, nooit aan my geslaan nie. Waar het jy dit geleer?

FERDINAND: Ek het nie aan my vrou geslaan nie!

SOFIE: Die Weermag?

FERDINAND: Ná agtien jaar was daar niks tussen ons oor nie.

SOFIE: Die Effektebeurs?

FERDINAND: Dit het net gebeur, Sofie.

SOFIE: Jy doen nie so iets aan iemand wat jy liefhet nie.

FERDINAND: Ons het opgehou om van mekaar te hou.

SOFIE: Ek hou van min mense om my, maar ek donner hulle nie!

FERDINAND: Ek het haar nie gedonner nie; ek het haar geliefkoos!

SOFIE: Spaar my dan jou liefde!

FERDINAND: Ons het verlief geraak, getrou, tweelingseuns gehad. Toe het ons na mekaar begin kyk met iets anders . . . venyn . . . irritasie . . . haar manier van eet het my afgesit . . . haar humor, haar parfuum. Sy't my voor vriende beskuldig, en ek het te veel begin drink.

SOFIE: Klink Amerikaans.

FERDINAND: Ons het goed aangesteek, ja.

SOFIE: En die seuns?

FERDINAND: Wild geword . . . ek dink . . . ek dink hulle rook dagga.

SOFIE (*spottend*): Dagga! Here help ons!

FERDINAND: Ons het nooit dagga gerook nie!

SOFIE: Ferdie, as ek destyds gedink het iets sou my help, sou ek bokdrolle gerook het. En jy ook!

Pouse.

FERDINAND: Ek kan nie met my seuns praat nie.

SOFIE: Hoekom kom julle nie meer as 'n familie hier saam nie?

FERDINAND: Ek dink nie my seuns hou van my nie.

SOFIE: Dit was die band tussen ons, besef jy dit, Ferdie? Ons was met 'n ketting van vars blomme gebind, tot droogte ons sou skei.

FERDINAND: Dit was toe so normaal. Elke einde van die jaar, ná kosskool . . . in Pa se groot motor, en binne ure hier kaalvoet in die veld rondgespring

SOFIE: Jy was te bang vir dubbeltjies om kaalvoet rond te spring!

FERDINAND: Ek het sonder om te dink oor dorings gehol!

SOFIE: Gehol, maar gehuil. Ek was daar!

FERDINAND: Ons ouers was gelukkig, ons was gelukkig, die land was gelukkig. Daar was geen probleem nie.

SOFIE: Vir skeeloog-platbors-virgins soos ek was Kersvakansies 'n nagmerrie!

FERDINAND: Maar ons het sulke sports gehad. Wat was die probleem?

SOFIE: Hoe kan ek dit in net ’n paar woorde stel?

FERDINAND: Probeer.

SOFIE: Here, asseblief, laat iemand my tog naai!

FERDINAND: Wat!

SOFIE: Jy bedoel al die jare sê ek dit verkeerd?

Hulle lag.

FERDINAND: Ons het nie dit gedoen nie, Sofie. Dit was sonde.

SOFIE: Ek wou in die hel brand. Ek was so lelik. Ek het gebid: Here Jesus, vergewe my, maar laat ek tog genaai word voor die Nuwe Jaar, en ek belowe ek sal soet wees, en die armes bystaan, en die siekes en die oues van dae, en ja, Here, damn it, ek sal tot ’n non word!

FERDINAND: Die Calvinistiese God moes toe ‘Glory be’ geskree het!

SOFIE: Ek het tot ophou lag. ’n Kind sonder humor? Ek was bang as ek lekker saam met almal lag, ek vreeslik sou begin huil.

FERDINAND: Ek het nie geweet nie.

SOFIE: Ek was so bang om jammer vir myself te wees.

FERDINAND: Hier? Op Avonstrand?

SOFIE: Maar ek het dit gewoonlik uitgestel tot later, want ek wou die volgende dag se Groot Adventure nie misloop nie.

FERDINAND: Wat was die Groot Adventure?

SOFIE: Naai. Met die Liewe Vader se hulp, natuurlik.

Hulle lag.

FERDINAND: Jy onthou die Hendriks-tweeling?

SOFIE: Ja, met daardie rooikop-haasbek-ma? Sy kon mos nooit waag om haar valstande te dra nie, want dan het hulle brakhond haar gebyt.

FERDINAND: Sy moes piekniekkos eet met haar rok oor haar kop. Ek het hulle ge-jy-weet-wat.

SOFIE: Ek-weet-nie-wat-nie. Wat?

FERDINAND: Jy weet, man!

SOFIE: Nee . . .

FERDINAND: Genaai.

SOFIE: Met haar rok oor haar kop?

FERDINAND: Nee, man, die tweeling.

SOFIE: Albei, of een vir een?

FERDINAND: Albei.

SOFIE: Special offer.

FERDINAND: Een langs die ander.

SOFIE: Jou arme ding.

FERDINAND: Hulle't my gevra!

SOFIE: Natuurlik. Hulle was vrek lelik.

FERDINAND: Groot tolle.

SOFIE: Ja, maar God, wat is groot tolle as jou breinkas garage speel vir 'n klomp warm lug?

FERDINAND: In daardie jare, alles.

SOFIE: Okay Ferdie, ek het nie groot tolle gehad nie.

FERDINAND: Jy't geen tolle gehad nie.

SOFIE: Jy kon nie goed gekyk het nie.

FERDINAND: Nee, ek het nie.

SOFIE: My IQ was my wapen teen die lewe.

FERDINAND: Jy kan nie jou warm hande lekker om 'n IQ vou nie . . .

SOFIE: Grootbek!

FERDINAND: . . . Wat was hulle name?

SOFIE: Common goed. Kan nie onthou nie.

FERDINAND: Mara?

SOFIE: En Sara, of so iets.

FERDINAND: Hulle't albei met hulle rûens teen die rotse gestaan, daar onder waar die bruin water uit die klip borrel.

SOFIE: Waar ek my rotstuintjie vir die Here vol goedjies geplant het?

FERDINAND: Net daar.

SOFIE: Jou Satan!

FERDINAND: Sara en Mara, albei met hulle oë styf toe, elkeen se beachbroekie afgetrek tot by hul knieë. Hempies opgetrek bo die . . . wat?

SOFIE: Wat?

FERDINAND: Bo die wat? Jy luister nie!

SOFIE: Bo die tiete, man, bo die groot, enorme, twaalfjarige tiete, tolle, pramme!

FERDINAND: Ek moes hulle . . . 'plaashekkies' met my knieë ooppers . . . amper gebars . . . gehoor van die klokke wat lui, maar nie geweet waar die belle hang nie . . .

SOFIE: O, die skande . . .!

FERDINAND: Eers nie geweet waar om te ry nie . . . maar my . . . getroue ou karretjie se headlights was aan op brights en sy enjin was in volle vaart.

SOFIE: Ek stel nie belang in mechanical details nie . . .

FERDINAND: Sara en Mara het nie ’n geluid gemaak nie. Net ’n snaakse borrel-gorrel in een van hul kele, of albei.

SOFIE: Seker vir jou gelag.

FERDINAND: O nee, ek het passie geken toe ek dit hoor.

SOFIE: Passie? ’n Borrel-gorrel van passie?

Sy demonstreer.

FERDINAND: Seks, man, seks! Ek’t toe my E-type by Mara se hek parkeer, en my hande op ou Sara se tolle geplak . . .

SOFIE: Gaap.

FERDINAND: . . . toe gevisa-versa.

SOFIE: Durf ek vra: en toe?

FERDINAND: Dit het so aangegaan . . . indruk, tol gryp, uittrek, tol streel, op die mond soen . . .

SOFIE: Op die mond soen! Jy gaan te ver!

FERDINAND: . . . tot hul rooikop-ma hulle vir aandete geroep het.

SOFIE: Koïtus interruptus! En dit vir ’n stuk boerewors!

FERDINAND: Toe moes ek my Ferrari . . .

SOFIE: Die E-type het gebreek?

FERDINAND: . . . die sportskar terugrol in sy ou kakie-garage.

SOFIE: So gou? Jy stel teleur!

FERDINAND: Klaar ge-jy-weet-wat.

SOFIE: En dit was jou eerste keer?

FERDINAND: Ek dog dit was nogal spesiaal.

SOFIE: Pateties.

FERDINAND: Jaloers.

SOFIE: Op daardie Mara en Sara met hulle . . .!

FERDINAND: Jaloers.

SOFIE: Asseblief. Ek sou gesê het: maak my wakker as dit oor is!

FERDINAND: Jou eie skuld.

SOFIE: Ek wou nie met jou gaan nie.

FERDINAND: Jy kon net gevra het.

SOFIE: Ek? Vir jou vra?

FERDINAND: Mooi gevra het . . . of miskien ’n koeldrank gegee het . . . of ’n paar rand.

Sy gooi speels iets na hom.

Pouse.

SOFIE: Was dit lekker?

FERDINAND: Was wat lekker, Sofie?

SOFIE: Die dubbeldoos-gejy-weet-wattery?

FERDINAND: Wel . . . as ek terugdink . . . nou nie aan hulle . . . tiete-tolle-pramme nie . . . maar aan die ander dinge wat ons . . . saamgedoen het daar teen die rotse, met ons voete in jou rotstuin vir die Here, kan ek eerlik sê: ek . . . ek kan nie onthou nie.

(*Hulle lag, hou hande vas*)

FERDINAND: Mens lag so selde oor onskadelike dinge.

SOFIE: Soos ou seks so veilig soos ou waardes?

FERDINAND: Dit was toe alles so onvermydelik.

SOFIE: Ons was gelukkig om mekaar te ken.

FERDINAND: Ja.

SOFIE: Al het jy my erger behandel as julle ou labrador.

FERDINAND: Dis nie waar nie.

SOFIE: Jy’t die labrador gesoen!

FERDINAND: Dis waar.

SOFIE: Wat het van haar geword?

FERDINAND: Hondehemel.

SOFIE: Hoe kon jy ’n hond soen?

FERDINAND: Jy moes my vrou gesien het . . .

SOFIE: Jou vark.

Hulle omhels.

FERDINAND: Skielik voel dit soos eergister.

Hy soen haar.

Pouse.

SOFIE: Het jy dit net gedoen omdat jy vir my jammer voel, ná al die jare?

FERDINAND: Nee, omdat ek vir myself jammer voel.

SOFIE: Het jy ooit gedink ons gaan hier so sit, ek met my multi-dollar magazine cover-gevreet en jy met jou miljoen rand Sondagkoerant-skuld, en stories verklap oor mevrou Hendriks se girls se tolle?

FERDINAND: Sesmiljoen rand skuld.

SOFIE: Hoe is dit moontlik, Ferdie? Ek dog jy weet wat jy doen?

FERDINAND: Dis vandag, ou maat. Win some, lose some.

SOFIE: Jou vennote sit nou veilig in Genève?

FERDINAND: Hongkong.

SOFIE: So, dis wanneer ’n man grootword? As hy besef nie almal met hulle broeke om die knieë is by name ’n Mara en ’n Sara nie.

FERDINAND: As jy dit nou ’n paar jaar gelede vir my kon gesê het, sou ek geweet het wat om te doen. Ek sê mos: sommige word gevang met die E-type in die garage, ander nie.

SOFIE: Win some, lose some?

FERDINAND: Win some, lose everything.

SOFIE: Hoeveel sal hulle betaal vir dié grond?

FERDINAND: Driemiljoen plus.

SOFIE: Hulle’s mal!

FERDINAND: Dis ons prys vir die laaste vasskopplek van die Prinses *Zeyheri*.

SOFIE: My duur hoersussie.

FERDINAND: Jy’t gesê jou ouers wil dit meer as die lewe self hê. Die maatskappy moet maar net opdok, of dis hof toe.

SOFIE: Hoe diep is jy by dié hele gemors betrokke?

FERDINAND: Hoe bedoel jy nou?

SOFIE: Die huis op die verkeerde erf; die verkragting van Avonstrand? Mama en Papa sal nooit die plek onder Nedda uitkoop nie.

FERDINAND: Hulle hoef nie te weet van die deal nie.

SOFIE: Hulle’s nie kinds nie. Ou mense praat met mekaar. Hulle’t die hele konsep van ‘deals’ begin.

FERDINAND: Ons het net hul handtekeninge nodig, dan kan ons bedrae begin rondskuif.

SOFIE: Miljoene?

FERDINAND: Biljoene.

SOFIE: . . . so pynloos?

FERDINAND: Ek’t belowe ek sal vergoed vir die . . . die fokop! Buitendien doen ons die oldies ’n guns.

SOFIE: Ek sal kan doen met ’n paar miljoen rand – al is dit net 150 dollar!

Nedda kom van buite in met ’n kartondoos.

Lizzie dra ook een.

NEDDA: Dit was agter in ons garage.

FERDINAND: Ons moet praat oor daardie kar . . .

NEDDA: Help my hier met die boks, meisie . . . so ja. Nou, daar is alles wat ek julle belowe het, Dominee.

FERDINAND: Wat?

NEDDA: Dominee, gaan al die speelgoed op die kerkbasaar verkoop word? Sal mense belangstel? Ek was so lanklaas by een van ons plaaslike kermisse. Ek moet weer gaan; dit het so ’n wonderlike gevoel van tydloosheid. Soos die ou dae met sy sagte seer en stil geskree.

Sy is bewus dat hulle haar aanstaar.

Wat’s verkeerd? Is die ou goed onvanpas?

LIZZIE: ‘Dominee’ is verslae oor jou vrygewigheid.

FERDINAND: Lizzie . . .

LIZZIE: Miss Nedda het besluit om goeters uit te gooi, ‘Dominee’! Kyk wat hoop op ná die jare.

Ferdinand kyk in die kartondoos.

FERDINAND: My ou speelgoed?

LIZZIE: Vat dit.

FERDINAND: Ek wil dit nie hê nie.

LIZZIE: Vat dit en ry! Dis tyd om te gaan.

NEDDA: Die goedjies het alles aan my kinders behoort.

SOFIE: O ja?

NEDDA: Ja. Ek het twee kinders gehad. Is dit reg, Lizzie?

LIZZIE: Dis reg, Miss Nedda.

NEDDA: Die seun en die meisie.

SOFIE: En waar is hulle nou, Tannie?

FERDINAND: Ek wil ook graag weet.

Nedda krap in die doos.

NEDDA: Kyk, Dominee, ’n pragtige boek oor ons Kaapse Flora. Met illustrasies. Deur H. en N. Barnard.

FERDINAND (*lees*): ‘Aan Ferdie van Mamma en Pappa. Kersfees 1956’.

NEDDA: Dit ruik nog nuut. Hy't dit net so neergesit onder die Kersboom, en nooit weer daarna gekyk nie.

FERDINAND: Ek ken die boek goed . . .

NEDDA: Ja, maar Dominee is anders. God en Natuur is mos medevlugtelinge langs vandag se lewenspad. Maar my kinders het so dikwels vergeet van die klein struikies onder hul skoene toe hulle gehardloop het om eerste by die braaivleis te wees, of die grootste roomys te kom haal.

FERDINAND: Maar net kortpad deur die veld . . .

NEDDA: Watse ding is dit?

Sy hou 'n stuk meccano-stel op.

FERDINAND: Deel van die meccano-stel.

SOFIE: Dit was 'n lekker speelding . . .

NEDDA: Met die skroefies en wielietjies, ja. Hy't so mooi daarvoor gevra, tot in sy gebede, maar toe ons dit vir hom gee, ook net so laat rondlê.

FERDINAND: Nee, ek het nie.

LIZZIE: O ja, jy het. Die hele huis vol.

NEDDA: En dit?

Sy het 'n speelgoedkitaar in haar hand.

FERDINAND: Jy kan dit nie weggee nie. Dis my kitaartjie . . .

NEDDA: Dis die gebreekte kitaartjie . . .

FERDINAND: Hy moet net snare kry . . .

NEDDA: Snare? Vir wat?

FERDINAND: Om weer te speel.

NEDDA: My seun wou dit so graag hê, maar was net te lui om te leer hoe om mooi klanke te maak. Dit ook in die huis laat rondlê

FERDINAND: Nee.

LIZZIE: Ja.

FERDINAND: Ek wil dit laat regmaak.

NEDDA: Kan Dominee die ding speel?

LIZZIE: Toe, Miss Nedda, stuur dit miskien liewers vir jou seun se kinders?

NEDDA: Ek weet nie wat hulle wil hê nie. Ek't gekyk hoe hulle grootword soos enige ander kinders, maar hulle't my nooit enige leidraad gegee nie. Seker net geld. Hulle vra vir geld.

FERDINAND: Wat?

LIZZIE: Ja. Klein bedelbriefies.

FERDINAND: Wat!

NEDDA: Hulle wil hulle pa nie vra nie. Hulle's bang vir hom.

FERDINAND: Wat . . .

LIZZIE: En Miss Nedda stuur dan 'n posorder.

FERDINAND: Wat!

NEDDA: My kleinkinders is ook bang vir ons veld. Sê daar's slange orals.

LIZZIE (*fluister*): Daar is slange orals . . .

NEDDA: My kleinkinders is ook bang vir hul ouma. Vir my? Hoekom vir my?

Sofie speel met die kitaartjie.

SOFIE: Miskien is hulle buitendien nou te groot vir so iets.

NEDDA: Ek kan nie onthou nie . . . maak hulle dan self musiek? Die seuns van my seun?

FERDINAND: Nee, hulle't CD Walkmans.

NEDDA: Hulle loop nou graag?

FERDINAND: Nee, hulle sit en luister na CD's op hulle Walkmans. Lizzie, dis belaglik . . .

SOFIE: Gaan Tannie dit dan alles vir die kerk gee? Dis Tannie se seun se kosbare jeug.

NEDDA: Lizzie en ek moet begin skoonmaak, meisie. Ek moet kaste uitpak en dingetjies weggee. Die huis is so vol stukkies en brokkies. Soos dit.

Sy hou 'n bottel vol skulpies op.

SOFIE: Ek het daardie botteltjie volgemaak met pienk stukkies skulp toe ek nege was.

NEDDA: Pienk soos die vleirosie.

SOFIE: Hoe lank is dit al hier?

NEDDA: *Orothamnus zeyheri* is al hier van die begin van mooigeid. Lank voor ons gebore is om te bederf. Lank voor skepe op rotsriwwe beland het.

Ferdinand staan maklik op.

FERDINAND: Ek wil die speelgoed saamvat.

Nedda kyk verbaas na sy voet.

NEDDA: 'n Wonderwerk! Dominee se voet is genees!

FERDINAND: Jy gee niks weg wat myne was nie! Niks!

NEDDA: Dominee, kyk rond en vat ook maar wat jy wil. Alles moet gaan.

Fluister vir hom.

Wat sal ek na die inrigting kan neem, Dominee? Miskien 'n boek of twee?

LIZZIE: Jy kan saamneem wat jy wil, nè, Dominee?

FERDINAND: Inrigting?

NEDDA: Ek sal seker ’n kamer moet deel met ’n ander patetiese ou mal vrou, iemand se kekkelende tannie wat ruik na laventel, en wat in haar slaap praat oor haar belangrike drome, wat so belaglik bekend klink . . .

FERDINAND: Waarvan praat jy, Ma! Niemand het iets oor ’n inrigting gesê nie. Al wat Blanche en ek wil doen is ’n bietjie geld oorplaas van een rekening na die ander.

SOFIE: Blanche én ek?

NEDDA: Dominee klink nou nes my seun. Hy’s ’n gawe man, maar dink net aan geld. Maar as ’n man van God moet Dominee prakties wees en skaamteloos bedel. Die Kerk het rede. My seun het net skuld.

Ontploffing buite.

Kyk wat gebeur daar buite in die see!

FERDINAND: Ma! In godsnaam . . . Ma! Dis ’n tenkskip op die rotse . . . jy’t dit al gesien. Ek is jou seun, jy’t my al gegroet. Dis Sofie Clarens . . . jy’t haar help grootmaak. Dis die realiteit. Ek . . . ek weet jy . . . speel wegkruipertjie êrens binne-in jou briljante brein, maar in godsnaam . . kom net vir tien minute uit en teken die papiere, en dan . . . dan kan jy maar seldsame blomme en struike gaan kou vir al wat dit my aangaan!

SOFIE: Dis onnodig om op die ou vrou te skree.

FERDINAND: Fokof!

LIZZIE: Boelie!

FERDINAND: Jy ook!

NEDDA: Ek’t gedink ek doen die regte ding . . .

LIZZIE: Was ook. Master Ferdinand word altyd dikbek en onbeskof as hy nie sy sin kry nie.

NEDDA: Kruip ek weg?

LIZZIE: Nee, hy sê net dinge om jou seer te maak. Kyk na hom. Die man is teleurgesteld met sy lewe.

NEDDA: Realiteit.

FERDINAND: Die realiteit is dit, Ma. Ek sit diep in die moeilikheid. Ma kan my help.

LIZZIE: Of hy help homself.

FERDINAND: Dis net ’n klomp ou bossies, Ma! Blomme word gepluk en verfrommel! Die Taiwanese maak mooier blomme uit sy as die Here self, en hulle gaan nooit dood nie.

NEDDA: ‘Net’ blomme? Ons is altyd so dikwels gekritiseer deur mense wat niks geweet het nie, net omdat ons dit as ’n loopbaan ontwikkel het. Net blomme? Dit was meer as ’n loopbaan; dit was ons lewe. Suur ou mense kan mos altyd yskoue lug oor jou warm

opwinding sprei. Dokter H het altyd gelag en gesê: ‘Ja, dis net blomme, maar dis ook maar net hulle opinie. Ons weet wat ons doen. Ons sien die realiteit!’

Sy tel ’n gepersde blom op.

Ander het geld belê en besittings versamel, maar ons het die kosbaarste skatte vir ons kinders bewaar. Natuurlike juwele. Die oopgaan van een blom is mos belangriker as die oopmaak van ’n bankrekening?

Sy pluk stukkies van die blom af soos sy praat.

Ek het ook eers geluister na wat ander mense sê; wat in die politiek van die wêreld oorkant die berg wemel, maar my man het sy kop geskud en bevestig: ‘natuur is die Waarheid. Die Mens is net die Vraagteken.’

FERDINAND: Gek.

NEDDA: Maar jy’t reg, Ferdinand. Daar is mos net een realiteit in die wêreld. Joune. Jou opinie is al wat tel. Vir jou. En dan is daar die ander enigste realiteit: myne. Want dis wat ek sien en verwerk. Of net jou realiteit, ou Lizzie, want dis deur jou oë wat jy alles gewaar en waarheid maak.

LIZZIE: Word ek nou vir iets blameer, of bedank?

FERDINAND: Wel, Ma, ek dink jy’s van jou trollie af!

NEDDA: En jy lyk ook baie snaaks.

LIZZIE: Julle word nou te diep vir my . . .

SOFIE: Toe ek klein was, het ek geglo ek is nie my liggaam nie; ek sit binne-in my kop en kyk deur die oogvensters na wat daar buite aangaan. Soos ’n . . . drywer!

NEDDA: Sofie, ja! Ek ook! My liggaam was maar net my voertuig. Ek was binne, veilig.

SOFIE: Want as jy jou oë toemaak, is alles wat naar is mos weg.

NEDDA: Weg – en jy word onsigbaar!

Sy maak haar oë toe en hou haar hande uit.

Sofie neem hulle in hare.

SOFIE: Net een realiteit.

NEDDA: Natuurlik. As jy nie daarvan hou nie, verwerk dan jou alfabet totdat die realiteit jou pas, en niemand anders nie.

FERDINAND: Soos Ma dit doen?

NEDDA: Nee, Ferdinand, volgens jou het ek mos van die trollie afgeval. Soos ’n ou sak.

SOFIE: Soms is stap lekkerder as trollie-ry . . .

NEDDA: Maar hy’s reg, die suurknol-seun van my. Ek kruip soms hier êrens weg . . .

Wys na haar kop.

. . . en gaan deur al die papiere van die verlede, om te probeer sien waar ek my spelfoute getik het. En hulle's ongelukkig almal nog daar. Al die nalatige foute op die folio's getitel: 'Blanche' en' Ferdinand'.

FERDINAND: Hier word nie vingers gewys nie.

NEDDA: Ek is nie skuldig aan iets nie, net bewus van die resultaat van te min gedoen, te laat.

FERDINAND: Dis vir baie dinge te laat, Ma . . .

NEDDA: Ek is nie jou ma nie.

Sy wys na Lizzie.

Daar is jou ma. Sy het jou gebad, gewas, jou klere gekies, jou aangetrek. Sy't jou leer praat, soms met woorde wat ek en jou pa nie eers in gedagtes durf uiter nie. Haar opinies was jou antwoorde en haar vrae jou probleem.

FERDINAND: Duifie se vere is aan die uitval, Lizzie?

LIZZIE: Wat gaan nou aan?

NEDDA: Net jammer jy't een belangrike dingetjie nie geërf nie. Sy dra dit op haar mou.

LIZZIE: Julle's almal van die trollie afgedonner!

NEDDA: Haar sin vir humor. Dit is onaansteeklik, helaas. My kinders is albei baie droog. In die natuur kan dit ten minste eendag reën. Wat kan gedoen word om 'n bietjie voggies in my twee kinders se dorre harte te laat drup?

SOFIE: Teken die papiere, Tannie.

NEDDA: Dis trane van noodsaak. Waar is die motreën van plesier?

Sy streel saggies oor Ferdinand se kop en gaan uit.

Die lig verander na die hede.

TONEEL V

Dit reën buite.

Sofie sit en staar voor haar uit. Sy hou die kitaartjie in haar hand.

Lizzie staan nog eenkant.

FERDINAND: Waaraan dink jy?

Sy skud haar kop.

Pouse.

Hy soen Sofie.

Sy trek weg.

SOFIE: Wat doen jy?

FERDINAND: Laas toe ons hier saam was, het jy nie omgegee nie.

SOFIE: Dit was omdat ek jou lanklaas gesien het. Ons het mos gepraat van ons kleindae.

FERDINAND: En nou, is daardie gevoelens van kleintyd weg?

SOFIE: Ferdinand, daar was geen gevoelens nie.

FERDINAND: Jy't my gesoen.

SOFIE: Jy't mý gesoen.

FERDINAND: Jy't teruggesoen.

SOFIE: Ek onthou nie.

FERDINAND: Net daar. Ma en Lizzie was êrens besig om skoenlappers te vang . . .

SOFIE: Ek voel Lizzie so sterk hier vandag . . .

Lizzie gaan uit.

FERDINAND: Ons het daarna 'n paar keer saam uitgegaan; of is dit ook te ver in die verlede om te onthou?

SOFIE: Nee, dit was lekker. Daardie middagete wat so lank aangehou het.

FERDINAND: Jy't my by die lughawe ook gesoen.

SOFIE: Ek het vir jou jammer gevoel. As ek reg onthou, was jy in die eerste jaar van jou egskeiding.

FERDINAND: Ja.

SOFIE: Jy't geld soos bossies geskuld?

FERDINAND: Ja.

SOFIE: Jy was pateties.

FERDINAND: Slaap jy by almal vir wie jy jammer voel?

SOFIE: Nie almal nie, Ferdinand. Die bedelaar in die straat gee ek liewers 'n paar dollar.

Sy tel die kitaartjie op.

Jy't dit toe nie saamgevat nie?

FERDINAND: Jy moes êrens al daardie trieks geleer het.

SOFIE: Praat jy nou taktloos uit die komberse?

FERDINAND: Jy klink nou nes my ma.

SOFIE: Ek klink meer soos mý ma. Niemand het my ooit geleer wat ek in die bed moet doen nie, behalwe op my rug lê met my oë styf toegedruk. Ek doen dit buitendien as ek alleen is.

Pouse.

Jy laat my soos 'n hoer voel. Kyk ander pad!

FERDINAND: Nee, ek bedoel dit alles as 'n kompliment.

SOFIE: Ons besigheidsverhouding was nie veronderstel om 'n toekoms te hê nie.

FERDINAND: O . . .

Speel met die kitaartjie.

Pouse.

Wel ek is jammer . . . ek het nie bedoel om . . . inbreuk te maak op jou privaatheid nie . . . ek het gedink . . . verkeerdelik miskien . . . dat daar ten minste 'n gevoel van . . . van warmte vir my was. Ek het nie verwag dat die onderhandelinge om die huis en veld ons in 'n . . . 'n verhouding moes dwing nie . . . ek is jammer ek't jou . . . jou gesoen. Ek neem dit terug.

Hy soen haar weer.

Sy trek weg van hom, vies.

SOFIE: Wat is dit met julle mans? Of julle's ongetroud, of getroud, of geskei, of skeiend, maar ten spyte van hoe ons voel, voel julle geregtig om net te vat, te vat wat en waar julle wil!

FERDINAND: Ek het gesoen, nie gevat nie.

SOFIE: Maar ek is nie meer jammer vir jou nie.

FERDINAND: Ons wortels is in dieselfde stukkie veld, Sofie.

SOFIE: Bossie-ek, en bossie-jy, tussen die dooie lelies en die vergiftigde rose?

FERDINAND: Is dit wat New York jou leer?

SOFIE: Jy's nes 'n drie-en-twintigjarige seun wat gedurig aan seks dink! New York het my geleer om te glo in wat ek dink. Ek is daar aan niemand 'n verskoning of enige verduideliking verskuldig nie. Niemand kyk twee keer na 'n fraai gesiggie nie. Daar is nie

’n tannie met ’n bord koekies om elke draai nie. Die Liewe Jesus sit nie uit gewoonte op jou skouer nie.

FERDINAND: Stille waters diepe grond?

SOFIE: My ouers was altyd so oop met alles in ons huis. Ons kon praat en vra oor God, en natuurlik Liewe Jesus. Oor politiek, die Heilige Gees. Tot oor die Engel van die Natuur. Oor wat, na hulle mening, reg was, of verkeerd is.

FERDINAND: ‘Onthou , Ferdinand, daar is net een realiteit.’

SOFIE: Ouers is vir só lank die enigste realiteit. En as hulle aangaan sonder jou en jy skielik grootword, is die alleenheid absoluut vreeslik. Ek was, ek is nog steeds besimpeld jaloers op die jong brutale straatkinders sonder agtergrond, met hul vinnige hardegat reaksies.

Hou foto op.

Kyk.

Hy kyk.

FERDINAND: Ma en Lizzie en jou ouers.

SOFIE: Saam in die nuwe kar. Die lykswa.

FERDINAND: Ons het belowe om nie daaroor te praat nie.

SOFIE: Jammer.

Kyk na ander foto.

Hier is Mama en Papa: Ben en Sally. Hy lyk soos ’n opgefrommelde pop in sy rystoel, en sy lag asof sy alles deur haar blindheid kan sien.

Hy kyk nou ook.

Hulle was so gelukkig saam. So een in hul vriendelike oopheid. Ek’t so voor my siel geweet hulle’t nooit foute begaan nie. Nooit gehuil nie. Nooit seergekry nie. Nooit seergemaak nie. Nooit leuens vertel nie. Ek was skuldig aan al daardie dinge!

FERDINAND: Ek wou baie keer ouers met jou ruil.

SOFIE: Jy speel!

FERDINAND: Baie keer gewens Ben en Sally was my pa en ma.

SOFIE: En ek wou joune hê. Ek’t geweet jou ma sou ten minste vir my iets vertel oor die geheime.

FERDINAND: My ma was die laaste persoon in die wêreld na wie ek sou gaan.

SOFIE: Jou ma was altyd so half stout oor ‘sulke dinge’.

FERDINAND: Seks?

SOFIE: Ek het veilig gevoel met tannie Nedda.

FERDINAND: Maar jou ouers was so oop oor alles.

SOFIE: Alles behalwe. Nooit gepraat van jy-weet-wat nie. O ja, van die kruisbestuiwing van die proteaceae, en die meerkat se klitoris. Ek wonder nou of Mama en Papa ooit seks gehad het.

FERDINAND: Jy's hier.

SOFIE: Jy ook. Seker saam onder 'n bossie daar buite gevind.

Pouse.

FERDINAND: Sofie?

SOFIE: Wat wil jy hê, Ferdie?

FERDINAND: Niks hê nie; net iets weet.

SOFIE: Ja?

FERDINAND: Ek het jou nie . . . seergemaak nie, het ek?

SOFIE: Wel, jy't eenkeer my vlegsels aan die brand gesteek.

FERDINAND: Daardie drie keer saam in die hotel in Johannesburg?

SOFIE: Seer? Nee. Twee keer, nie drie keer nie . . .

FERDINAND: Ek is bly. Ek het hard probeer om . . .

SOFIE: Ferdie, jy was goed.

FERDINAND: . . . hard probeer om jou nie . . . jou nie seer te maak nie. Ek het . . . dit altyd liefde met gevoel genoem, maar die . . . die 'gevoel' het erger geword. Ek het nie geweet hoe ek ooit weer sag . . . normaal kon wees met die liefde nie.

Pouse.

SOFIE: Jy was goed, Ferdie.

FERDINAND: Wat ek eintlik wil vra . . .

SOFIE: Ferdie, ek weet wat jy wil vra, maar ek is gelukkig op my eie.

FERDINAND: O . . .

SOFIE: Maar dankie vir die aanbod. As dit my sou pas, kon ek gesê het: ja dankie, Ferdinand Barnard, ek sal graag met jou wil trou.

FERDINAND: Maar jy wil nie?

SOFIE: Nee.

FERDINAND: Okay . . .

Pouse.

Okay . . .

Hy gaan uit.

Die lig word helder soos ons terugflits.

TONEEL VI

Helder sonskyn.

Nedda en Lizzie kom in.

SOFIE: Tannie Nedda, waar is Ferdie?

NEDDA: Nou vra jy my iets. Toe hy ’n jong seun was, sou ek sê op die strand met jou. Toe julle begin grootword, het ek my sekerheid oor julle doen-en-late verloor. Is hulle hier, of waar? Die Ferdie. Snaakse seun. Wanneer hy nukkerig geword het en nie sy sin kon kry nie, het hy altyd wild gekap aan enige struik wat in sy pad was.

LIZZIE: Daar’s hy in die voetpaadjie na die strand.

NEDDA: Kappend aan die waboomproteas?

Sy sug.

Gaan na hom toe, meisie. Jy bring goeie dinge in hom uit. Hy vind dit so moeilik om te kommunikeer. Hoe ouer hy word, hoe verder gaan hy van my weg. En nou met die egskeiding? Ja, julle tweetjies moes destyds getrou het soos ons beplan het. Is dit te laat vir drome?

SOFIE: Nee. Tensy jy vroeg moet opstaan.

Sy gaan uit.

NEDDA: En julle sê ek is gek! Wat lag jy?

LIZZIE: Basta nes maak vir jou seun. En jy ís gek!

NEDDA: Die vleiroos lag ook vir my, daar bo in haar toring met haar klein pienk tongetjie wat uitsteek. Sy weet ek sal haar nooit weer sien nie.

LIZZIE: Ons sal daardie berg nog uitklim, kyk wat ek vir jou sê.

NEDDA: Glo jy dit? Ek dink gewoonlik so, maar soms weet ek nie so mooi nie. Hoekom voel ek vandag so hulpeloos? My seun maak my oud. As hy maar net ’n naam op my verjaarsdagkalender teen die toiletmuur kon wees, of ’n bekende suur gesiggie, of ’n familiefoto bly, sou ek jonk en vol energie soos altyd voel, ten spyte van alles. Maar o smart, as ek moet kyk na die agterdog in sy oë en luister na die moegheid in sy siel, dan kruip ek rond, op soek na my loopstok en grafsteen.

LIZZIE: Sy wolk het net nie die bossie silwer blomme wat Miss Nedda om elke draai verwag nie.

NEDDA: Ag, dis maar net geld! As dit geheue was, of die verlies van talent, of ’n been, ja, maar oor geld? Almal het geld. Ek het geld.

LIZZIE: Ek ook.

NEDDA: Ek het meer as jy.

LIZZIE: Jy't langer as ek slawe gehad wat vir jou slaaf!

Pouse.

Nedda kry opgewonde 'n idee beet.

NEDDA: Kom ons spandeer ons geld!

LIZZIE: Waarop?

NEDDA: Ons gaan môre met die motor stad toe.

LIZZIE: Miss Nedda mag nie bestuur nie!

NEDDA: Jy bestuur. Dan gaan koop ons . . . maak 'n lys daar.

LIZZIE: Waarop kan ek skryf?

NEDDA: Hierdie brief. Wat is dit?

Sy tel Ferdinand se brief op.

LIZZIE: Omsendbrief van die Kerk.

NEDDA: Lyk soos Ferdinand se handskrif.

LIZZIE: Die dominee en Ferdinand skryf nogal eners. Wat koop ons?

NEDDA: 'n Dosyn legkaarte, moeilike goed met baie blou lug en klein blommetjies in 'n groot tuin.

LIZZIE: Ons Scrabble het van sy letters weg.

NEDDA: Net die vuil woorde.

LIZZIE: Jy kan nie Scrabble speel sonder K's en F's nie!

NEDDA: Ons koop Scrabble in Engels en Afrikaans!

LIZZIE: Monopoly?

NEDDA: Dit ook. Wat nog?

LIZZIE: 'n Teevee.

NEDDA: Nee, man, ek praat van belangrike dinge.

LIZZIE: Dis belangrik vir my.

NEDDA: Ek sê nee.

LIZZIE: En ek sê ja. My meerderheid tel dié keer!

NEDDA: Ek wil die goed nie in my huis hê nie. Eers die draagbare TV, dan die kragdraad, dan 'n hotel en casino en kroeg; dan die einde van alles!

LIZZIE: En ná my mooi teevee gelaai is, al my magazines en . . .

NEDDA: Vergeet dit. Die hele idee was belaglik . . .

LIZZIE: . . . dan koop ons 'n nuwe kar.

NEDDA: Ons het 'n kar.

LIZZIE: Ons koop ’n 747.

NEDDA: Dis ’n vliegtuig.

LIZZIE: Watse ding ry Ferdinand?

NEDDA: ’n ‘Trekter’.

LIZZIE: 4x4.

NEDDA: So ’n ‘trekter’? Vir ons?

LIZZIE: En ons koop vier nuwe beddens.

NEDDA: Ons is net twee.

LIZZIE: Daardie Japannese matrasse wat krom ou mense reguit buig.

NEDDA: Futons?

LIZZIE: Nes in my magazines.

NEDDA: Ja?

LIZZIE: En dan gaan ons besoek aflê by dokter Ben en Miss Sally.

NEDDA (*lag*): Ons in die ‘trekter’, met vier beddens?

LIZZIE: En dan kan Miss Nedda hulle nooi om hier by ons te kom woon.

Pouse.

NEDDA: Ja?

LIZZIE: Ja.

Pouse.

NEDDA: Ja . . .

LIZZIE: Miss Nedda gaan mos uiteindelik daardie dokument teken?

NEDDA: Ja.

LIZZIE: Dis alles ’n bedrogspul!

NEDDA: Ja . . .

LIZZIE: Jy’s te lief vir jou seun.

NEDDA: Ja . . .

LIZZIE: Dis goed: Master Ferdie sal kry wat hy wil hê. Maar ons maak die eerste move.

NEDDA: Ja . . .

LIZZIE: Ons sal saam wees.

NEDDA: Ben en Sally en ek en jy . . .

LIZZIE: Al die kamers wat nog wag vir kinders en kleinkinders wat nie kom nie, kan nou plek maak vir drips en bedpans.

NEDDA: Het Ben en Sally nie mediese hulp nodig nie?

LIZZIE: Ons het genoeg van alles hier om enige kwaal te genees.

NEDDA: . . . en met Sally se resepte kan jy in daardie kombuis die hemel op jou gasstoof laat gons.

LIZZIE: Alles wat ons nie mag eet nie.

NEDDA: Of drink nie.

LIZZIE: Wat dink jy, Miss Nedda?

NEDDA: Sien jy kans vir twee ou kroks by?

LIZZIE: Ek is jonk, 'Tannie'! Ek is bereid om te leer.

Hulle lag lekker.

Ferdinand en Sofie kom in.

FERDINAND: Wat is so snaaks?

LIZZIE: Ons kan nie onthou nie!

Hulle lag nog meer.

FERDINAND: Ons moet daaraan begin dink om terug te gaan . . .

NEDDA: Is daar plek in daardie 'trekter' vir ons vier? Ek wil sien hoe voel so 'n masjien.

FERDINAND: Hoekom dink ek dis nie 'n goeie idee nie?

LIZZIE: Ons wil die vleiroos gaan hello sê; is dit reg, Miss Nedda?

NEDDA: Warm, warmer, warmste!

FERDINAND: Dis onmoontlik.

NEDDA: Dis nie onmoontlik nie. Julle trekter is mos soos dié wat militêre mense ook gebruik?

FERDINAND: Ja.

NEDDA: Wel, danksy die Departement van Verdediging het ons nou 'n aaklige pad om mee bo te kom, na ons ou vriendinnetjie.

FERDINAND: En as ons bo kom, wat dan?

NEDDA: As die vleiroos blom, Ferdinand, teken ek jou papiere.

SOFIE: En as sy nie blom nie?

NEDDA: Dan wag ons tot sy blom.

FERDINAND: En as die vleiroos nie meer daar is nie?

LIZZIE: Onmoontlik.

NEDDA: Sy's daar.

FERDINAND: Ma? As sy nie meer daar is nie, wat dan?

NEDDA: Dan is daar mos g'n sin in papiere teken nie, of hoe?

FERDINAND: Ag, Ma . . .

NEDDA: Ek dink Ferdinand sien vandag wraggies daarna uit om ’n rare plant te vind. Daar’s ’n eerste keer vir alles.

FERDINAND: Ag, Ma . . .!

NEDDA: Lizzie? Bring Dokter se kamera. Ons gaan sommer ’n paar snaps ook neem.

LIZZIE: Ek kan nie onthou hoe dit werk nie.

NEDDA: Ek onthou. Ek onthou alles!

Sy gaan uit.

Lizzie volg haar, stop en draai na Ferdinand.

LIZZIE: Ek wens nou jy’t nie gekom nie, Master Ferdinand. Dié nuclear-besigheid sal haar dood wees. Ek het in my poskaart geskryf!

FERDINAND: Iemand moet dit doen!

LIZZIE: Ek help jou, op een voorwaarde; dat jy wag tot sy weg is . . .

FERDINAND: Dit kan jare vat!

LIZZIE: . . .en Master Ben en Miss Sally ook.

SOFIE: Dankie, Lizzie . . .

LIZZIE: Dan kan jy met Avonstrand maar doen wat jy wil. Ek’t mos altyd ingevoerde plastic blomme geprefer!

FERDINAND: Ek sien hoe staan jy in die veld met jou plakkaat: ‘Ons sê nee vir Kernkrag!’

SOFIE: Getrou tot die einde?

FERDINAND: Soos altyd, liewe ou Lizzie.

LIZZIE: Master Ferdinand vergeet ook so gou. Ek was mos altyd net die Mastertjie se meid, nooit jóú beste vriend nie.

Sy gaan uit.

TONEEL VII

Ferdinand tel die skyfies op en pak hulle stadig terug in die kartondoos.

Die lig word dof; die terugflits is verby.

FERDINAND: ‘Daar is net één realiteit, Ferdinand . . .’

Hy kyk uit.

Dit was seker so ’n dag, toe hulle daardie laaste rit saam na die vleiroos gemaak het.

SOFIE: Wonder wie se idee dit was?

FERDINAND: Dit was ’n egte demokratiese besluit. Ma en Lizzie en Ben en Sally het hier gesit en gestem.

SOFIE: Oorweldigend ten gunste. Vier ou dinosourusse in ’n 4x4.

FERDINAND: Hulle’t presies geweet wat hulle doen. Daar was genoeg van Ben se beste bottels in die wrak om te bewys daar bo is groot party gehou . . . makietie gehou . . .hulle’t gaan kuier by die vleiroos . . . hulle’t in die kar teruggesukkel . . . hulle’t grappe vertel soos in die ou dae . . . hulle’t hande vasgehou . . . oë styf toegeknyp . . . bottels pille in die veld gegooi en Lizzie . . . daardie astrante Lizzie, het haar 4x4 in ’n 747 verander . . . en soos ’n pyl uit ’n boog die mis ingeskiet.

Pouse.

Glory be.

Pouse.

SOFIE: Nee wat, daar is nie baie van Mama en Papa se goedjies wat ek kan gebruik nie. Gee dit alles vir die kerkbasaar. Ek is buitendien nie iemand wat alles wil hou nie.

FERDINAND: Nee, jy’s nie sentimenteel nie.

SOFIE: O ja, belaglik sentimenteel . . .

FERDINAND: Ek nie . . .

Hy kyk rond.

. . . ek sal miskien net die skyfies hou. Gee jy om?

SOFIE: Nee, vat hulle.

Sy wys na die projektor.

So, danksy vieslike vooruitgang kon hulle hul geliefde blomme weer teen die muur sien.

FERDINAND: Ja. Hulle’s verbasend.

SOFIE: Hulle was, ja.

FERDINAND: Ek praat van die blomme.

SOFIE: Ek ook.

Pouse.

Sofie sit Nedda se sonhoed op; ook haar gebreide serp.

Ferdinand, ek gaan hier bly.

FERDINAND: Maar ek het gedink ons . . .

SOFIE: Ferdie . . .

FERDINAND: . . . sonder enige jy-weet-wat.

SOFIE: Liewers nie.

FERDINAND: Wat van jou lewe in New York?

SOFIE: Ek wil sien of ek nog na dinge kan kyk deur die klein vensters in my kop. Sê my, as ek my oë styf toemaak, is ek onsigbaar?

FERDINAND: Ja, absoluut onsigbaar.

SOFIE: Ek het ’n afspraak met ’n prinses wat bo in die berg woon. Net vir ’n paar dae, Ferdie. Ek wil daardie een realiteit soek.

FERDINAND: Hou dan ook ’n bietjie vir my.

Hulle kyk uit oor die see.

Is mos daar waar die tanker destyds op die rotsrif gelê het.

SOFIE: O? Was dit nie aan daardie kant nie?

FERDINAND: Ek dink nie so nie.

SOFIE: Ek kan nie onthou nie.

Pouse.

FERDINAND: Ek is jammer oor jou Rotstuintjie vir die Here . . .

SOFIE: Jy bou dan vir Hom ’n Katedraal . . .

Hy gaan uit.

Sy hou die botteltjie pienk skulpies styf teen haar vas.

Sy maak haar oë toe.

Ons hoor die stemme van Nedda en Lizzie.

NEDDA (*stem*): Sê my waar sy haar wegsteek!

LIZZIE (*stem*): Soek, Miss Nedda, soek!

NEDDA (*stem*): Is sy hier?

LIZZIE (*stem*): Koud.

NEDDA (*stem*): Wat van hier?

LIZZIE (*stem*): Koud, koud, koud . . .

NEDDA (*stem*): En hier?

LIZZIE (*stem*): Warmer . . .

NEDDA (*stem*): En nou?

LIZZIE (*stem*): Warmder!

NEDDA (*stem*): Ek het haar!

LIZZIE (*stem*): Vuursmeltwarm!

Hulle lag.

SOFIE: Glory be!

Die sonlig maak alles helder.

EINDE